# 2. DIE SOEKE NA DIE KONTOERE VAN 'n SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL VIR OUER-ONDERWYSERKONTAK DEUR DIE EEUE

## 2.1 Inleiding

Om die kontak tussen ouers en onderwysers met behulp van 'n samelewingsteore= tiese model (vgl. Hoofstuk3) fundamenteel-opvoedkundig te presiseer, moet allereers 'n kyk op die werklikheid en meer spesifiek die samelewingswerklik= heid (i.c. die ouerhuis en die skool as samelewingsverbande) gekry word. Hierdie vraag na die wese van die werklikheid en samelewingswerklikheid moet getrou wees aan die ontiese stand van sake, soos dit belig word vanuit 'n Skrifperspektief. Prinsipieel berus hierdie navorsing op 'n Christelik-refor= matoriese grondslag.

## 2.2 Die soeke na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model vir die ontsluiting van die probleem van ouer-onderwyserkontak

### *2.2.1 Inleidende opmerkings*

'n Samelewings-teoretiese model as sleutel vir die ontsluiting van die probleem, naamlik om 'n kyk op die (samelewings=)werklikheid soos belig vanuit 'n Skrif= perspektief te kry, is nodig omdat so 'n model dit moontlik sal maak om die ver= skille tussen dinge (samelewingsverbande) asook die samehange daartussen raak te sien. In die proses sal beginsels soos soewereiniteit in eie kring en universaliteit in eie kring, die funderings- en bestemmingsfunksies van same= lewingsverbande asook die strukture wat verband hou met die ontiese status van samelewingsverbande ondersoek en beskryf word. Samelewingsverbande sal steeds as integrerende deel van die kosmos (waarin die geskapene onderskeibaar maar nie skeibaar is nie) beskou word, en die oorsprong, wese en bestemming van die werklikheid (geskapene) sal in die loop van die soeke van die model in berekening gebring word.

Wesenlik kom die soeke na 'n samelewingsteoretiese model op die volgende neer: Om ouer-onderwyserkontak fundamenteel-opvoedkundig te presiseer, moet daar onder meer histories-filosofies oor die verlede besin word om vas te stel wat opvoedkundiges en filosowe se antwoorde op veral die volgende vrae was:

> Aanvaar hulle God (van die Bybel) as die skepper van hemel en aarde? Is hulle sieninge humanisties - waar die mens homself of sy rede tot (af-)god verhef of waar hy iets uit die (God-) geskape werklikheid verabsoluteer?

Verder sal vasgestel moet word watter invloed hierdie denkers se religieuse hartgegrepenheid op hulle beskouing van die samelewingsverbande gehad het. Is hulle beskouings Skrifgefundeer met duidelike (ewewigtige) struktuur=analises vir elke samelewingsverband as deel van die totale skeppingswerklik=heid van God, of is hulle sieninge eensydig onderworpe aan die "verduisterde" rede van die mens, waar, byvoorbeeld een samelewingsverband as die oorkoe=pelende verband aanvaar word?

Telkens sal daar dan in hierdie hoofstuk, soos wat die ondersoek deur die ge=skiedenis vorder, aspekte wat as deel van die samelewingsteoretiese model beskou kan word, aangetoon en vanuit 'n reformatoriese standpunt geëvalueer word. Elke skrywer word in sy gedagtegang stiptelik gevolg, waarna sy stand=punte geëvalueer word aan die hand van Skrifgefundeerde perspektiewe.

Om die model te bepaal, sal van die volgende metode gebruik gemaak word: literatuur van hoofsaaklik tweërlei aard sal geraadpleeg word, naamlik diê van filosowe en opvoedkundiges wat in hulle denke oorwegend apostaties gerig is; daarteenoor diê wat anastaties in hulle denkwyse georiënteer is. Elke skrywer se siening oor dit wat verband hou met hierdie navorsing, naamlik die oorsprong, wese en bestemming van die geskape werklikheid (i.c. samelewingsverbande), sal transendentaal-krities ondersoek word, waarna gepoog sal word om die Chris=telik-reformatories-aanvaarbare daaruit te haal. Die Christelik-reformatories-aanvaarbare beginsels kan ten slotte in die eenheidsmodel ingebou word met die oog op toepassing in die navorsing wat in die hoofstukke hierna aan die orde kom.

Vervolgens sal in die soeke na die samelewingsteoretiese model 'n hele aantal verteenwoordigende denkers van die vier religieuse hoofgrondmotiewe soos deur Dooyeweerd (I, 1969: 61-66) in die Westerse denke onderskei, in oënskou geneem word. Diê vier religieuse grondmotiewe is:

* die vorm-materiemotief van die antieke Griekse wysbegeerte;
* die akkommodasiemotief van die Skolastiek, naamlik van natuur en genade (die bowenatuur);
* die afvallige, apostatiese humanistiese natuur-vryheidgrondmotief van na die Renaissance, wat uiteindelik die oorheersende grondmotief van die moderne Westerse denke geword het, en
* die Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing.

### *2.2.2 Die grondmotief vorm-materie*

#### 2.2.2.1 Vooraf

In die denke van die ou Griekse filosowe kom 'n dubbelslagtigheid na vore, naam= lik die materiemotief wat in die Homeriese tydperk ontstaan het. Hierdie ma= teriemotief was gebou op die siening dat die ewigvloeiende lewenstroom wat uit die aarde opkom die bron van alle lewe was, dog hierdie lewe word deur die blinde noodlot afgemaai en weer na die ewigvloeiende lewenstroom ("physis") teruggedwing. Daarteenoor het die vormmotief van die Olimpiese veelgodedom gestaan: hierdie vorm van heidense religie het veral die redefunksie van die mens verabsoluteer. (Schoeman, 1979: 13).

Hierdie dubbelslagtige denke van vorm en materie het die hele Griekse denke dialekties verskeur en het daarom ook sy invloed op die Griekse filosofiese denkers se siening van die (samelewings=)werklikheid laat geld. Voorts sal stilgestaan word by die drie vernaamste denkers van die ou Grieke, naamlik Sokrates, Plato en Aristoteles en daar sal vasgestel word hoe hulle siening van die (samelewings=)werklikheid deur die religieuse grondmotief van vorm-materie bepaal is.

#### 2.2.2.2 Sokrates (470-399 voor Christus)

Sokrates (470-399 voor Christus) het sy leerlinge, wat op die markplein rondom hom vergader het, op induktiewe wyse besig gehou met die vraag na die waar= heid. 'n Werklikheidsbeskouing was vir Sokrates ten nouste gekoppel aan die antwoord op die waarheidsvraag. Sy antwoord op wat waarheid is, het die vol= gende opgelewer:

* die gedrag van die mens is onderworpe aan algemeen-geldende norme;
* die mens kan die goeie nie doen as hy die goeie nie ken nie;
* as die mens die goeie ken, dan kan hy die goeie doen;
* "Het instrument waarmee de deugzame tot het schouwen (theorien) van de dingen komt is het denken" (Valenkamp, 1980-81: 11);
* selfkennis is verwant aan die goddelike rede en die goddelike rede vorm deel van die siel, die idees en die gode, en
* om tot selfkennis en wysheid te kom, moes die mens sekere etiese deugde soos

dapperhied, regverdigheid en selfbeheersing toepas (Coetzee, 1977: 32; Steyn, Van der Walt, Dekker en Steyn, 1981: 50-51; Plato, 1952: 220-251).

Die mens kan dus, volgens Sokrates, die werklikheid verklaar en beheers op grond van sy redelike deugdelike kennis. Die mens moes veral deugvol wees in sy goeie staatsburgerskap. Hy bepleit aanpassing by veranderende politieke maatskaplike en sosiale strukture. Sokrates se skool was die markplein, sy leerlinge was almal bereid om saam met hom na die waarheid te soek (ook Plato) en boonop het hy vir sy onderwys geen geld gevra nie. (Coetzee, 1977: 43).

Uit Sokrates se filosofie kan die volgende essensies gehaal word om fasette te bepaal van die samelewingsteoretiese model: die staat is vir hom die same=lewingsverband wat alle ander kringe omvat (Coetzee, 1977: 42); die rede of verstand verwerf kennis wat veral bydra tot goeie deugdelike staatsburgers en daar is geen formele skool en skoolonderwys in sy samelewingstelsel nie.

Die grondmotief vorm-materie wat ook Sokrates se denke oorheers het, bring mee dat hy die staat as die hoogste sedelike goed beskou, 'n produk van die rede; daarom moet alle staatswette onvoorwaardelik gehoorsaam word. (Coetzee, 1977: 42). Die staat is die vorm wat uit die materie deur die rede (kennis en deug) geskep word, en om diê rede hierdie verabsolutering van die staat deur Sokrates.

Vanuit 'n Christelik-reformatoriese raamwerk kan dit aanvaar word dat die staat 'n belangrike samelewingsverband is, maar nie dat die staat alle ander verbande oorheers nie. Die rede of verstand van die mens is slegs 'n deel van die totale mens wat bestaan uit veel meer as net die verstand (vergelyk in hierdie ver=band die Christelike samelewingsteorie en mensbeskouing in Hoofstuk 3). Dit is egter ook so dat die verstand ingespan moet word om te kom tot kennis oor die samelewingswerklikheid.

### 2.2.2.3 Plato (428-348 voor Christus)

Plato (428-348 voor Christus) was 'n Athener van geboorte en 'n aristokraat. Eerstens sal 'n kort uiteensetting van Plato se kennisleer gegee word waarna sy antropologie en (samelewings=) werklikheidsbeskouing bestudeer sal word. Insig in sy beskouing oor kennis is nodig om sy siening van samelewingsver=bande in die regte perspektief te sien, want sy teorie oor ware kennis rig sy standpunte oor die staat, die skool en die gesin asook oor die wese van die mens wat in hierdie verbande lewe.

Ware kennis is vir Plato slegs dit wat die produk van die rede is. Sy studie gaan hoofsaaklik oor die "leer van die idees" of dialektiek. Vir hom bestaan die begrip voor die ding, die idee is 'n metafisiese wesenheid van die boaardse werklikheid. Plato beweer daar moet 'n gemeenskaplike soeke na die algemene waarheid wees. Om tot die ware goed te kom, moet die mens se siel hom losmaak van die sinnelike lewe. "Het onthechtingsideaal is de deugd." (Valenkamp, 1980-81: 13; vergelyk ook Coetzee, 1977: 47 en Van Wyk, 1979: 2e.v.). Plato is in sy denke vasgevang deur die vorm-materiegrondmotief en verderaan sal aange= toon word hoe hierdie religieuse grondmotief 'n invloed op sy beskouing oor die mens en oor die samelewing gehad het.

Plato se antropologie het 'n bepaalde invloed op sy samelewingsbeskouing. Hy skei siel en liggaam, "die siel is eintlik in die liggaam opgesluit soos 'n gevangene in 'n tronksel" (Coetzee, 1977: 47; vgl. Plato, 1952(b): 435). Sy siening van die mens, soos verder uiteengesit deur Valenkamp (1980-81: 13) en Steyn *et al.*(1981: 52), naamlik dat die sielelewe van die mens in drie dele verdeel word, te wete die sinnelike deel (begeerte), wat in die ingewande, die maag gesetel is, die moed wat in die bors is en die denke wat in die kop is, korreleer met sy staatsiening.

Volgens Kalsbeek (1970: 205) het die gedagte dat die staat alle gemeenskappe omvat die ou Griekse en Romeinse denke oorheers. Die ideale staat van Plato wat tegelykertyd demokraties en aristokraties is, bestaan uit drie groepe mense:

* Die handelslui en boere wat sorg vir die materiële behoeftes van die staat. Hierdie mense mag eiendomme besit, trou en gesinne hê, maar het geen poli= tieke invloed nie. Hulle is verteenwoordigers van die laere siel, die be= gerende siel, die siel wat in die ingewande, die maag gesetel is.
* Die oorlogslui (soldate) wat verteenwoordigend van die hoëre deel van die siel is (die dapperheid en moed wat in die bors gesetel is), mag nie vir hulle elkeen een vrou neem om mee te trou nie. Hierdie soldate moes, vol= gens Plato, in gemeenskappe lewe, hulle kon nie individuele besittings op= gaar nie en die gemeenskaplike kinders moes verdeel word in twee groepe: die uitgesoektes en die gewones, waarvan eersgenoemde "opvoeding" mag ont= vang en laasgenoemde nie. Valenkamp (1980-81) stel hierdie onderskeid so: "De kinderen van de voortreffelijken mogen worden opgevoed, die van de niet-voortreffelijken niet". (Plato, 1952(c): 442-443).

* Die regeringsklas wat die denkende sieledeel verteenwoordig (die kop-mense) en hierby sluit hy die filosowe in.

Plato se staat omvat dus alle mense en oorheers by implikasie alle samelewings=verbande. Die gesin (=slewe) moet by die oorlogslui selfs plek maak vir 'n ge=meenskapstelsel wat in diens is van die staat. Vir die Christen-opvoedkundige is dit onaanvaarbaar, want die erkenning van individuele strukture, elk soewe=rein in eie kring, kom nie tot hul reg nie.

Ten opsigte van die skool het Plato ook bepaalde sienswyses. Waar Sokrates rondgeswerwe en op markpleine skool gehou het, het Plato ('n leerling van Sokrates) 'n inrigting vir hoër onderwys gestig met 'n gimnastieksaal, toegewy aan die held Academus. Later is die onderwysinrigting van hom "Akademie" ge=noem. (Coetzee, 1977: 46). In sy ideale staat ken Plato 'n plek toe aan die skool, want daar moes 'n minister van onderwys wees wat in ooreenstemming met die staatswette die onderwys moes beheer. Leerlinge moes tutors hê, terwyl daar ook skole in die stede, in die buitewyke van die stede en op die platte=land moes wees. (Livingstone, 1948: 157-161).

Die skool bly egter in Plato se samelewingsteorie ondergeskik aan die staat, want hy het 'n staatsburgerlike doel met die opvoeding van die individu, naamlik om die individu diensvaardig te maak aan die groep - die staat is die groot individu. (Van der Walt en Steyn, 1978: 19).

Plato se siening van die gesin dui daarop dat hy min waarde aan die gesins=verband en gesinsopvoeding heg. Hy was ten gunste van staatsbeheer oor die onderwys en het die primêre opvoedingstaak van die gesin ontken. (Kalsbeek, 1970: 226).

Alhoewel Plato die gesin en die skool as samelewingsverbande erken het in sy samelewingsteorie, het hulle ondergeskik aan die staat gebly. 'n Staatskool waar opvoedende onderwys in diens van die staat gegee word, en 'n gesin wat moet vervloei in 'n staatsgemeenskap is onaanvaarbaar vir die Christen-opvoeder, omdat individualiteitstrukture geïgnoreer word. In die tyd van Plato, met sy ideale staat wat kulmuneer as uitvloeisel van die vorm-materiegrondmotief, het hierdie staatsidee van hom 'n geweldige (verstaanbare) trefkrag gehad. Prinsi=pieel vreemd aan die destydse Griekse gedagtewêreld was die beginsel van soe=wereiniteit in eie kring, "... dat geen enkele tijdelijke samenlevingskring de mens naar alle levenssferen kan omvatten, en dat dus elk dezer kringen van God

slechts een naar zijn *innerlijke aard* begrensde taak en gezagsfeer ontvangen heeft, die ook in de onderlinge verhoudinge dezer kringen geeerbiedegd dient te worden." (Dooyeweerd, 1963: 21).

### 2.2.2.4 Aristoteles (384-322 voor Christus)

Aristoteles (384-322 voor Christus) is gebore in Stagira, 'n stad in Macedonieë, 300 kilometer van Athene af. Hy was vir ongeveer 20 tot 28 jaar lank 'n leer=ling van Plato, dog geen slaafse navolger van sy leermeester nie. Aristoteles was waarskynlik die eerste filofoof wat "in êên brein" die hele toenmalig be=kende wetenskappe omvat het. Hy skryf, anders as Plato wat in literêr-ver=antwoorde dialogiese styl skryf, in 'n "dorre" wetenskaplike taal. (Valenkamp, 1980-81: 15-16). Vervolgens sal na Aristoteles se siening van die algemeen-geldende waarheid gekyk word, waarna sy antropologie en samelewingsteorie, soos gerig deur sy lewensopvatting, aan die beurt sal kom. Ten slotte sal vas=gestel word watter van hierdie groot Griekse filosoof se sieninge lig kan werp op die samelewingsteorie van die reformatoriese denker (i.c. opvoedkundige).

Vir Aristoteles is die algemeen-geldende waarheid sintuiglik bepaald. Hy word beskou as die grondlegger van Realisme en Rasionalisme. Vir Plato lê die oor=sprong van idees in die godewêreld; Aristoteles ontken bogenoemde stelling en beweer dat die algemene (begrip) nie afsonderlik bestaan nie, maar in die dinge sit. (Valenkamp, 1980-81: 16 en Van der Walt en Steyn, 1978: 19). Hy soek die vastheid in die werklikheid. Aristoteles onderskei tussen vorm en materie, substansies bestaan vir hom uit vorm en materie en hy gebruik die volgende beeld om dit te verduidelik: die skip wat nog nie vaar nie is materie; sodra die skeepslui funksioneer en die skip begin vaar, is die vaar die vorm van die skip. "Men kan ook zeggen: de 'vorm' is het doel, de bestemming of de zin van de dingen." (Valenkamp, 1980-81: 17).

Aristoteles se mensbeskouing is gebou op sy siening van die wese van die werk=likheid (die waarheid), want hy sien, in ooreenstemming met sy substansiebegrip, die mens as bestaande uit twee komponente, naamlik vorm en materie (stof). Die menslike liggaam is die materie en die siel van die mens is die vorm. Die vorm (siel) gee aan die mens sy individualiteit. Die siel van die mens bestaan vir Aristoteles uit twee dele, 'n hoëre en 'n laere deel: die hoëre deel is die den=ke, wat vir hom die hoogste doel van die menslike lewe is (Steyn *et al.* 1981: 53-54).

Hierdie dualistiese denke is ook merkbaar in sy samelewingsbeskouing. Vir Aristoteles heers die staat deur die gemeenskap oor die tweestryd tussen ma= terie en vorm, tussen sinnelike begeerte en denke. Die regering moet toesig hou en beheer uitoefen oor die gesin, die leër, die skool, die tempeldiens, die opvoeding, selfs oor die leesboekies van klein kindertjies wat eers deur die staat gesensor moet word. Aristoteles, net soos Plato, huldig 'n totali= têre staatsopvatting - nie om die burgers te onderdruk nie, maar juis "om die staatsburgers te leiden naar hun hoogste vervolmaking, tot het echte mens-zijn" (Valenkamp, 1980-81: 19 en Dooyeweerd, 1963: 21).

Hoewel Aristoteles sy eie skool, die Lyceum, gestig het waar hy al wandelende sy leerlinge onderwys het (Valenkamp, 1980-81: 15), onderskei hy in die op= voeding 'n tweërlei doel, naamlik 'n individuele en 'n staatsburgerlike doel, waarvan die individuele ondergeskik is aan die staatsburgerlike. Die indivi= du moet bo alles 'n gelukkige, deugsame burger in diens van die staat wees. (Coetzee, 1977: 53). Sedelike, verstandelike en liggaamlike opvoeding moet uiteindelik alles bydra tot staatsburgerlike opvoeding.

Aristoteles herstel, in sy filosofie oor die samelewingsverbande, die gesin as die essensiële vorm van gemeenskapslewe; dus anders as Plato wat geen groot respek vir die gesin en gesinsopvoeding gehad het nie (vgl. paragraaf 2.2.2.3). Aristoteles ken aan die kind en die ouer in die gesinsverband 'n belangrike plek toe, want tot sy sewende jaar moes die kind primêr onder die opvoedingstoesig van sy ouer staan. Die ouer moes in die ouerhuis aandag gee aan die kind se liggaamlike opvoeding en goeie sedelike gewoontevorming. (Coetzee, 1977: 53).

Die ander samelewingsinstellinge moes, volgens Aristoteles, die (opvoeding-) sorg van die kind geleidelik oorneem na sy sewende jaar. Agtereenvolgens moes die staatsonderwysers (die staat), die militêre instrukteurs (die weermag) en uiteindelik die wysgere (tersiêre inrigtings) die kind en jongmens se onderwys behartig.

In Aristoteles se samelewingsleer, soos gerig deur die religieuse grondmotief van vorm en materie van die antieke Griekse denke, beklee die staat diê pro= minente plek, terwyl die skool en die gesin in diens van die staat is, en on= dergeskik aan die staat is. (Aristoteles, 1952: 445). As sleutel vir hierdie navorsing kan bepaalde aspekte van Aristoteles se samelewingsleer profytlik oorgeneem word, soos sy agting vir die ouerhuis, sekere opvoedingsdoelstellings, sy hoë dunk van skoolse opvoeding en onderwys en die lojaliteit van burgers

teenoor hulle staat. Wanneer sy samelewingsteorie egter gesien word teen die agtergrond van 'n Christus-vreemde grondmotief, is die bestemming van sy hele samelewingsteorie vreemd en onaanvaarbaar vir die reformatoriese fundamenteel-opvoedkundige denker.

2.2.2.5 Gevolgtrekking

In die tydperk waarin die vorm-materiegrondmotief die denke beheers het, het veral Sokrates, Plato en Aristoteles bydraes gelewer wat die filosofie van die ou Grieke oorheers het. Vir Sokrates was die staat reeds die belangrikste samelewingsverband. Plato beweer dat die mens eers waarlik volle mens word as hy opgaan in die staat. Alle ander samelewingsverbande word deur die staat oorheers. Aristoteles sluit by Sokrates en Plato aan met sy dualistiese siening van die mens wat verder uitkring na sy samelewingsleer. Aristoteles ken wel 'n belangriker plek aan die gesin en die skool toe as Plato, dog hy bly in sy denke steeds vasgevang in die greep van die vorm-materiegrondmotief, wat sy samelewingsteorie eensydig beïnvloed en rig. (Vgl. paragraaf 2.2.1).

Die Christen-opvoedkundige neem kennis van die feite dat daar verskillende samelewingsverbande is en dat die mens ook 'n samelewings-wese is, maar kan hom nie vereenselwig met die verabsolutering van die staat en die skeiding van die mens in 'n tweeheid (siel-liggaam, vorm-materie) nie.

*2.2.3 Die natuur-genadegrondmotief*

2.2.3.1 Vooraf

Valenkamp (1980-81: 20) skryf oor die oorgangstydperk tussen die Griekse en die Romeinse beskawings wat saamval met die aanvang van die ware Christendom as die tyd van die Gnostiek - van die sinnelike, tydelike wêreld (die materie, die liggaam) moes die mens bevry word om die eintlike of ewige lewe te bereik. Die dualistiese denke van die ou Grieke is dus duidelik as invloed aantoonbaar.

Volgens die eksponente van die natuur-genadegrondmotief ('n gewaande sintese tussen die heidens- Griekse en die Skriftuurlik- religieuse grondmotiewe) is die natuur, soos vergestalt in die liggaam van die mens wat uit materie ge=vorm is, ondergeskik aan die genade (wat met die siel van die mens te make het), die bonatuurlike. Volgens hierdie denkwyse natuur-genade is die mens in sy

wese in twee verdeel, naamlik die ken-instrument van die een deel (die natuur) is die rede, terwyl die ken-instrument van die ander deel (die siel) die geloof is. (Postma, 1983(a): 132).

Wat eintlik hier aan die gebeur is, is dat die Oud-Griekse grondmotief vorm-materie; enersyds, en die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur die genadewerking van die Heilige Gees (verder genoem die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing); andersyds, tot 'n (sogenaamde) kompromis in die denke van die Hellenisme kom. (Steyn *et al.* 1981: 45).

Die grondmotief natuur-genade het ook die denke van filosowe en opvoedkundiges ten opsigte van hulle siening van die samelewingsverbande beïnvloed. In hier=die paragraaf sal stilgestaan word by enkele groot denkers wat gestaan het onder die invloed van die grondmotief natuur-genade, en daar sal vasgestel word wat hulle filosofieë opgelewer het vir die vasstelling van die sleutel vir kontak tussen ouerhuis (ouers) en skool (onderwysers).

As eksponente van die natuur-genadegrondmotief word Quintilianus, Augustinus en Thomas van Auquino gekies. Hierdie drie filosowe word om die volgende redes gekies:

* Quintilianus het reeds met 'n sintese van die vroeëre denkskole begin, sy erkenning en verdraagsaamheid van alle filosofiese skole en denkrigtings is bewys van 'n sintese. Al voorwaarde wat hy stel, is dat die slegte of die negatiewe uit diê denkskole verwerp moet word en dat die goeie uit al die verskillende rigtings geken en gekies mag word. (Coetzee, 1977: 68 en Steyn *et al.* 1981: 55).

* Augustinus word beskou as een van die grootste denkers en Godgeleerdes van alle tye, 'n belangrike grondlegger van die Christelike filosofie en het die grondslae vir sowel die Rooms-Katolieke as die Protestantse denke gelê. Hy het 'n teologiesisteem vir die Rooms-Katolieke Kerk in sy *De Civitate Dei* uitgebou. (Wilds en Lottich, 1970: 148). Augustinus het vir die eerste keer die ware opvoedingsdoel geformuleer (vgl. paragraaf 2.2.3.3).

* In sy Godsiening sluit Auquinas, alhoewel 'n diep Christengelowige, hom sterk aan by Aristoteles se dualistiese denke, want openbaringskennis waar=van die Skrif die primêre bron is, is vir Auquinas bonatuurlik ("supra na=

turalis"), terwyl die gebied van kennis natuurlik en bewysbaar is. Die ewige God wat skepper van alles is, is onbeweegbaar, alhoewel Hy die eerste stoot gegee het. (Valenkamp, 1980-81: 32). Auquinas wend 'n geniale poging aan om 'n sintese tussen die Griekse gedagtes van veral Aristoteles en die Bybelse skeppingsopvatting te bewerkstellig. (Strauss, 1973: 40). Sy ver= absolutering van die kerk en staat en negering van die bepaalde opvoedings= taak van elke verband vestig die aandag juis op die beginsel van verskei= denheid in eenheid wat sterk moet figureer.

Vervolgens sal die samelewingsteorieë van hierdie drie denkers teen die agter= grond van hulle religieuse hartsgegrepenheid ondersoek word om vas te stel watter van hulle standpunte gebruik kan word as aspekte van 'n model vir die oplossing van die navorsingsprobleem van hierdie proefskrif.

2.2.3.2 Quintilianus (35-100 na Christus)

Marcus Fobius Quintilianus (35-100 na Christus) word deur Coetzee (1977: 67) bestempel as 'n ware opvoedkundige genie. Volgens Quintilianus moes die goeie orator ook 'n goeie mens wees. Sy siening oor opvoeding en die belangrikheid daarvan sluit die ouer in, want volgens hom (Murphy, 1965: 11-16) moes die ouers self baie besorg wees oor alles wat te make het met die opvoeding van hulle kinders. Die eerste ses jaar bly die opvoeding primêr die ouer se ver= antwoordelikheid, waarna die kind na sy sewende jaar na die laerskool gaan, en daarna na die skool van die grammatikus, naamlik die middelbare skool. Sy siening van ouerhuis en skool strook met 'n Christelike samelewingsteorie, want die ouers is die primêre opvoeders van hulle kinders terwyl die skool aansluit by die opvoeding van die ouerhuis.

2.2.3.3 Augustinus (354-430 na Christus)

Aurelius Augustinus (354-430 na Christus) is in Thagasta in Numidië, Noord-Afrika gebore as seun van 'n heidense vader en 'n diep gelowige Christen-moeder (Monica). Eers leef hy losbandig en hang heidense ideologieë, soos die Stoï= sisme en Neo-Platonisme aan, voordat hy op nege-en-dertigjarige leeftyd tot die Christendom bekeerd raak. In 396 word hy biskop en bly dit tot met sy dood. (Coetzee, 1977: 102e.v.; Van der Walt, 1978: 8-9 en Valenkamp, 1980-81: 24-27).

Augustinus se siening van die geskape werklikheid wat sy mensbeskouing, sy

samelewingsbeskouing en veral sy opvoedingsbeskouing insluit, kan verklaar word uit sy agtergrond, want sy eertydse losbandige lewe wat omskep is in die lewe van 'n bekeerde biskop, verklaar sy diepgaande besinning oor God en sy Skepping. Sy siening van die werklikheid behels die volgende: God het alles geskape, in die geskapene self setel nie sonde nie, maar in die vrye wil van die mens wat hom afwend van God. "Maar als de ziel zich eenmaal aan God on= derworpen heeft, dan zal alles tot een volkomen harmonie komen, tot een vol= komen schoonheid." (Valenkamp, 1980-81: 26; Wilds en Lottich, 1970: 149 en Augustinus, 1952(a): 1, 89).

In Augustinus se samelewingsteorie kom die dualistiese siening van natuur en genade, waarvan hy hom nie kon losmaak nie, sterk na vore. Veral sy siening van die staat dui op 'n konflik tussen die natuur (die materie) en die genade (die vorm of geestelike) wat uiteindelik lei tot die verabsolutering van die kerk wat 'n voorbereiding is van die Godstaat. In sy grootse werk *De civitate Dei* sit Augustinus uiteen hoe twee state, die staat van God en die staat van die duiwel mekaar ten dode toe beveg. Hierdie stryd bepaal die kronkelgang van die geskiedenis. Die uitverkorenes sal in die Godstaat woon, wat teenoor die wêreldstaat staan. Die wêreldstaat hou net vir hierdie bedeling stand en sal uiteindelik ondergaan. Die kerk is 'n voorbereiding van die Godstaat.

Tussen die Godstaat en die wêreldstaat moet daar versoening kom, die wêreld= staat moet hom onderwerp aan die wette van God se staat, waarvan die kerk die bewaker is. Die pous het later sy posisie op grond van hierdie siening van Augustinus geregverdig. Verder moes die staat vir die stoflike belange en die kerk vir die geestelike belange van die mens sorg. Die staat het verder be= wind oor 'n afgeperkte volk gevoer, terwyl die kerk oor die ganse mensheid ge= regeer het. (Sizoo, 1947: 18-19, 33-35, 89-97 en Valenkamp, 1980-81: 27). Die natuur (wêreldstaat) en genade (kerkstaat) kom dus in Augustinus se staat= siening sterk na vore, terwyl die reformatoriese siening poneer dat God soewe= rein is oor alle samelewingsverbande, en dat die verskillende samelewingsver= bande relatiewe soewereiniteit in eie kring het, maar ook in 'n enkaptiese ver= vlegtingsverhouding tot mekaar staan. (Vgl. Hoofstuk 3).

Augustinus se samelewings-, mens- en opvoedingsbeskouing vorm 'n eenheid; daar= om sal sy mens- en opvoedingsbeskouing vervolgens geïntegreerd aan die orde kom. Sy samelewingsbeskouing sal steeds as agtergrond in gedagte gehou word.

Oor die opvoeding van kinders het Augustinus heelwat geskrywe. Vir die eerste

keer, sover vasgestel kon word, word die ware opvoedingsdoel aangetoon waar leiding aan die opvoedeling aangaande God gegee is. Vir hom is God die eerste goed, "want uit Hom is wysheid, en die mens kan die ware geluk alleen vind in 'n lewe waarin God alles is in almal" (Coetzee, 1977: 104).

Augustinus het 'n deeglike studie van die kind as mens (opvoedeling) gemaak. Die kindersielelewe het hy uit eie herinnering beskryf. Die volgende twee beskouinge dui daarop dat hy die mens as unieke wese erken:

* die aanleg en belange van die kind moet deur die opvoeder in berekening gebring word by sy opvoedingsaktiwiteite, en

* innerlike motivering (en nabootsing) het groter effektiwiteit tot gevolg as dwang.

Die onderwyser moet ook sekere persoonlikheidseienskappe hê om geslaagde op= voeder te kan wees:

* teenoor die heidense grammatikus, wat net oor formele vorming begaan is, stel hy die Christelike leraar wat deur sy voorbeeld en onderrig 'n hoog= staande sedelike lewe moet voorlewe, en

* die Christelike onderwyser gee, anders as die heidense leraar wat ydel, ja= loers en wreed is, onderrig wat deur liefde, uit 'n rein hart, 'n skoon ge= wete en 'n vaste geloof gesteun is. (Augustinus, 1952(b): 677).

Om terug te keer tot die samelewingsverbande en opvoeding, sien Augustinus die kerk, die huis en die skool as die aangewese instellings wat die opvoeding van die kind moet behartig. Die kerk is die geestelike moeder van die volk. Vir Augustinus het die ouerhuis, net soos die kerk, die taak en die doel om alle gesinslede tot eer van God en in sy Diens op te voed en te onderrig. Tôg is die huis ondergeskik aan die kerk en moet die kerk in sy taak onderskraag. 'n Heilige en rein huwelik is die grondslag van 'n godvrugtige gesinslewe.

Die skool moes, net soos die kerk en die huis, hom ten doel stel om in sy op= voedingstaak die kinders tot burgers van die Koninkryk van God op te voed. Augustinus wou 'n Christelike skool hê, elke onderwyser moes 'n Skrifgelowige wees wat uit 'n Christelike belydenisgrondslag opvoedende onderwys gee, wat deur die liefde tot God en die naaste geskraag word. (Coetzee, 1977: 105).

Om saam te vat en te evalueer: Die grondmotief van Augustinus se denke is in sy wese Skriftuurlik "en zijn machtige, begenadigde geest werd er sinds zijn bekering steeds dieper van vervuld" (Dooyeweerd, 1963: 108). Tôg beweer Dooyeweerd (1963: 109) verder dat hierdie Skriftuurlike grondmotief wat deur Augustinus "zuiwer gevat" word, "niet radicaal doorwerken in zijn denken, omdat vanuit die Griekse wysbegeerte die Griekse grondmotief sterk beslag "op zijn gehele lewens- en wereldbeschouwing legde." Hierdie kritiek van Dooyeweerd is waardevol as daar krities na Augustinus se werklik= heidsbeskouing, sy samelewingsteorie en sy antropologie gekyk word waar hy die almag van God erken, maar steeds nog sekulêre, stoflike, materiële terreine van God se terrein skei. "De Goddelijke openbaring in zake de *religieuze wortel-eenheid* van het menselijke bestaan werd zo weer door het Griekse dua= lisme overwoekerd." (Dooyeweerd, 1963: 110).

Aan die ander kant begin die Skrifgefundeerde waarheidsmomente wat verband hou met die navorsingstema al hoe duideliker (in Augustinus se denke) deurbreek. Die volgende standpunte van Augustinus kan vervolgens dien as komponente van die samelewingsteoretiese model:

* Hy erken God as soewereine skepper van hemel en aarde.

* Die mens moet hom ten volle in diens van God stel (ook as opvoeder).

* Hy formuleer vir die eerste keer die ware opvoedingsdoel, naamlik dat alle opvoeding uiteindelik moet lei tot diensbaarheid aan en verheerliking van God.

* Sy mensbeskouing, wat die onderwyser en die leerling insluit, is deels in ooreenstemming met 'n Skrifgefundeerde mensbeskouing, alhoewel hy tôg die liggaam as slegs materie en 'n voertuig vir die siel beskou. (Dooyeweerd, 1963: 110). Die individualiteit van die mens word deur hom raakgesien, dog hy worstel om uit te kom by die mens as religieuse temporele individuele en modaalbepaalde eenheidswese. (Vgl. Hoofstuk 3).

* Hy onderskei, hoewel nog onvolledig, tussen kerk, staat, ouerhuis en skool, en spreek hom oor die gesamentlike en elke afsonderlike opvoedingstaak uit.

2.2.3.4 Thomas van Auquino (1227-1274)

Thomas van Auquino (1227-1274) word as 'n skolastikus bestempel. Die Skolastiek

van die Middeleeue is bekend as die metode wat deur middel van die rede 'n ver=helderende insig in die geloofswaarhede wou kry. Die Skolastiek wou eerder begrond en weerlê as vind. Aquinas se staats- en kerkbeskouing sluit aan by sy mens- en Godbeskouing. Die staat is vir Aquinas slegs daar vir die vervol=making van die enkeling, die individu is nie daar ter wille van die gemeenskap nie, maar die gemeenskap is daar vir die diens van die individu. (Dooyeweerd, 1963: 266; Valenkamp, 1980-81: 33). In hierdie redenasie of siening van hom word hy sterk deur Aristoteles beïnvloed.

Aristoteles (vgl. ook paragraaf 2.2.2.4) onderskei die staat as die hoogste samelewingsverband, in die middel is die dorpsgemeenskap, terwyl die laagste in rangorde die huisgemeenskap (huweliksmaats, ouers en kinders, heer en slawe) is. Thomas van Aquino het tôg probeer om hierdie hoofsaaklik Aristoteliaanse siening van die samelewing "in typish scholastische zin aan te passen aan de Roomse kerkleer" (Dooyeweerd, 1963: 267). Hy kom met die skolastiese sintese=motief van natuur en bowenatuur, van natuurlike onderbou en bonatuurlike bo=bou.

Wanneer Aquinas handel oor die staat en die kerk, blyk dit duidelik dat die dualistiese denke van natuur en genade ook sy opvatting van hierdie twee same=lewingsverbande beïnvloed. (Valenkamp, 1980-81: 33). Vir Aquinas dien die kerk die onsigbare, die bonatuurlike. Die mens as sosiale wese kan deur die staat op sigbare, natuurlike wyse opgevoed word met die doel om te verenig met God. Hierdie doel kan die staat as samelewingsverband nooit bereik nie, daarvoor is die kerk nodig. Die vereniging van gelowiges met God, wat uitein=delik net deur die kerk vermag kan word, is diê belangrikste taak wat nooit deur enige ander samelewingsverband verrig kan word nie. Daarom is die kerk bo die staat gestel - "De *kerk* als *genade-instituut* kan de mens brengen tot diens hoogste gelukzaligheid, tot *visionem Dei*." (Valenkamp, 1980-81: 33).

In die universalistiese denkwyse van Thomas van Aquino oor samelewingsverbande kom die unieke wesentrekke van die verskillende verbande nie uit nie; gevolg=lik is daar 'n oorspanning van veral die bevoegdheidsterreine van kerk en staat. As Aquinas die huweliksgemeenskap definieer as 'n natuurlike lewenslange ver=binding van man en vrou wat tot doel het die voortplanting van die menslike geslag, "dan is daarin niets te vinden van de innerlijke structuur en geaard=heid dezer natuurlijke gemeenschap" nie. (Dooyeweerd, 1963: 268).

Vir die model van hierdie navorsing (vgl. Hoofstuk 3) kan veral gewys word op dwalinge in die skolastiek van Aquinas. Hy verabsoluteer en veralgemeen samelewingsverbande (die kerk en die staat) en erken nie die eiesoortige op=voedingstaak van elke unieke verband nie. Die dualiteit van die mens- en samelewingsbeskouing verskeur die werklikheid in 'n valse tweeheid, in plaas daarvan dat die eenheid van God se skepping reeds in die verskeidenheid daar=van gevind word.

2.2.3.5 Gevolgtrekking

Die dualistiese vorm-materiedenke van die ou Griekse tydperk word in gewysigde vorm voortgesit in die denke van die natuur-genadetydperk. Alhoewel suiwer Christelike standpunte oor die (samelewings=) werklikheid geformuleer is, het die denkers nog steeds die mens (=like lewe) in twee verdeel, naamlik die son=dige aardse stoflike (liggaamlike) en die ewige sondelose geestelike (siel).

Vir die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3) is dit belangrik om kennis te neem van Quintilianus se siening van die ouerhuis as primêre opvoe=dingsinstansie en die skool as sekondêre opvoedingsinstelling. Augustinus het die kerk, ouerhuis en skool eksplisiet as opvoedingsinrigtings aangedui, alhoewel hy nog nie die identiteitstrukture met die gepaardgaande doelfunksies kon aantoon nie. Augustinus erken God as die soewereine skepper van alles; daarom staan die totale kosmos (ook die samelewingsverbande) onder die gesag en bevele (die wette) van God. Thomas van Aquino met sy universalistiese denke kon ook nog nie kom tot 'n fyn onderskeiding van samelewingsverbande en hulle onderskeie kompetensieterreine nie.

*2.2.4 Die natuur-vryheid grondmotief*

2.2.4.1 Vooraf

Die skolastiek van die Middeleeue het sy greep op die denkers van die sestiende eeu verloor en 'n nuwe grondmotief, naamlik die natuur-vryheidgrondmotief het na die Renaissance vorm aangeneem. (Steyn *et al.* 1981: 46). Wetenskaplikes het hulle toenemend losgemaak van die oorheersende invloede van die kerklike dogma. Die mens se rede word sy dryfveer in sy denke en dade, die Bybel is verwerp en net dit wat die mens sintuiglik kon ervaar en redelik (logies-ana=lities) kon verklaar, is as waarheid aanvaar. Die mens het gepoog om deur sy wetenskaplike beheersing van die natuur vir hom 'n vrye en volmaakte wêreld te

skep, maar die resultaat was (en is) dat die mens slaaf geword het (en is) van sy eie wetenskaplike monsteragtighede. Op hierdie wyse het die mens se= kere fasette van die kosmos, byvoorbeeld die mens se rede (Rasionalisme), die natuur (Naturalisme), en die wetenskaplik-eksperimentele bevindinge (Empirisme) verabsoluteer en die God van die Heilige Skrif wat die totale werklikhied in aansyn geroep het, verloën. (Strauss, 1978(b): 9; Schoeman, 1979: 22; Dooyeweerd, 1963: 145; 1969, I: 67).

Die mens se siening van die samelewingswerklikheid, waaronder die ouerhuis en die skool, het nie die invloed van die natuur-vryheidgrondmotief vrygespring nie. Deur te besin oor enkele belangrike eksponente van hierdie denkrigting, sal bepaal word in watter mate die natuur-vryheidgrondmotief *deur* hulle be= skouinge 'n invloed uitgeoefen het op die kosmologie van hulle tyd, maar ook hoe dit die hedendaagse denke nog steeds in 'n mindere of meerdere mate rig of bepaal. Die verteenwoordigers van hierdie denkrigting wat in oënskou geneem sal word, is Immanuel Kant (1724-1804), Georg Hegel (1770-1813), Auguste Comte (1798-1851), Karl Marx (1818-1836), John Dewey (1859-1952) en Theodor Adorno (1903-1969).

Hierdie sestal verteenwoordigers van die natuur-vryheidgrondmotief is gekies omdat hulle elkeen die denke van sy bepaalde tyd, wat strek vanaf ongeveer die helfte van die agtiende eeu tot vandag toe, sterk beïnvloed en gerig het. By Kant gaan dit nie soseer oor die sekerheid van die kennis - die gronde of oor= sprong daarvan nie, maar eerder oor die vraag na die "grondvoorwaarden op wel= ke de menselijke kennis mogelijk is" (Valenkamp, 1980-81: 52). By hom is die inhoud en oorsprong van kennis dus ondergeskik aan die struktuur van die we= tenskaplike kennis self. Comte sluit by Kant aan in sy beskouing oor kennis, maar benadruk die rol van waarneembare feite. Die wetenskappe moet hulle slegs baseer "op de verschijnselen van de menselijke ervarings=(wereld)". (Valen= kamp, 1980-81: 52). Hegel beweer weer dat die werklikheid net geken kan word deur middel van die idees van die menslike kenner. Hy sluit aan by die idea= liste as hy beweer: "Wat redelik is, is werklik, en wat werklik is, is rede= lik". (Van Wyk, 1979: 4).

Marx spot met die hemel wat die Bybel in die vooruitsig stel, en sê dat die klaslose samelewing wat hy voorspel die hemel op aarde sal wees. Marx sluit aan by die Duitse filosoof Ludwig Feuerbach (1804-1872) wat van mening is dat die mens God geskape het en nie God die mens nie. (Roos, 1979: 40; Wilds en Lottich, 1970: 497-500).

Dewey se filosofie toon kenmerke van die Positivisme, die Naturalisme en is sterk Sosialisties gekleurd. Religie en metafisika is vir Dewey produkte van die fantasie en godsdiens ontstaan volgens hom slegs daar waar die lewensom= standighede ongunstig is. (Coetzer, 1984: 22-27 en Van Wyk, 1979: 38).

Adorna, die pessimistiese filosoof, en Herbert Marcuse het, saam met ander filosowe van hulle Kritiese Teorie-skool vanuit die Frankfurter Schule beweer dat die moderne samelewing totalitêr en redeloos is. Moderne toekomsverwag= tinge en -perspektiewe is, beweer hulle, katastrofaal en die moderne samelewing is nie in staat om 'n antwoord te gee op die vraag na die sin daarvan nie. (Valenkamp, 1980-81: 73 en Van Wyk, 1979: 125-128).

In bogenoemde ses eksponente van die natuur-vryheidgrondmotief se beskouinge is die volgende denkrigtings, soos gerig deur diê grondmotief, merkbaar:

* Kant verabsoluteer die struktuur van kennis;

* Comte soek na die waarneembare feite;

* Hegel verbind die werklike en die rede met mekaar;

* Marx verwerp God en stel 'n klaslose samelewing in die plek van God;

* Dewey is positivisties-pragmatisties en instrumentalisties georiënteer in sy denke, en

* Adorno verwerp die moderne Westerse samelewing (-strukture en -gebruike).

Soos uit hierdie paragraaf blyk, word die denke van hierdie sestal filosowe en opvoedkundiges beheers deur die apostatiese religieuse grondmotief van natuur en vryheid. Hulle religieuse hartsgegrepenheid oefen 'n bepaalde invloed op hulle samelewingsteorieë uit en verder in hierdie hoofstuk sal gepoog word om te bepaal hoedanig hierdie invloed was en watter bydrae hulle samelewings= teorieë tot die samelewingsteoretiese sleutel lewer.

2.2.4.2 Immanuel Kant (1724-1804)

Kant (1724-1804), vir wie die menslike verstand nooit die grense van die sin= tuiglikheid kan oorskry nie, het 'n bepaalde siening van die staat. Sy staat= siening hou verband met sy kennisleer, naamlik dat ons "alleen het *fenomeen*, het ding, zoals het zich aan ons voordoet" ken. "Dat wat daar achter ligt,

het *noumenon* of het *Ding-an-zich*, kunnen we nooit kennen, want het kan niet worden ervaren." (Valenkamp, 1980-81: 55). Die mens (-like verstand) self word dus in die plek van God gestel, die vrye individu moet (met sy rede) die natuur (werklikheid) beheers; daarom moet ook die samelewing (die staat, dus ook die skool, die ouerhuis en die kerk) in diens van die vryheid van die individu gestel word. Die slotsom van Dooyeweerd (1963: 167) dat "ook dit 'vrije individu' als vermeend 'element' der samenleving nog duidelijk de trek= ken van de natuurwetenschappelijke denkwijze van de tijd (bleef) vertonen" is korrek, omdat Kant ook die mens eksperimenteel, natuur-wetenskaplik wil ver= klaar.

Volledigheidshalwe moet gemeld word dat Kant die onsterflikheid van die mens en die bestaan van God erken, want "the moral law leads us to postulate not only the immortality of the soul, but the existence of God" (Watson, 1919: 296). Maar tussen wetenskap en geloof lê vir Kant dieselfde kloof as tussen natuur en vryheid. Die hedendaagse opvatting dat die verskynsel onbevange eksperimenteel ondersoek moet word, dat die wetenskaplike wat die (samelewings=) werklikheid ondersoek, hom nie deur 'n lewens- en wêreldbeskouing (soos die Christelike religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in gemeenskap met die Heilige Gees) moet laat lei nie, sluit sterk aan by Kant se skeiding tussen wetenskap en geloof. (Kant, 1952: 182-183).

As eksponente vir die model (Hoofstuk 3) kan uit Kant se denkwyse die volgende essensies geneem word:

* Dit is foutief om te beweer dat die gemeenskap (die staat) ondergeskik is aan (die vryheid van) die individu, want die mens is net soveel sosiale as individuele wese; trouens die mens is 'n eenheidswese wat meer is (vol= gens reformatoriese beskouing) as die somtotaal van al sy kenbare eienskappe.

* Die lewensopvatlike kan nooit losgemaak word van die mens se wetenskapsbe= oefening nie, die wetenskaplike se siening van die werklikheid is altyd deel van sy wetenskaplike arbeid. Kant se opvatting van die sin van alles, naamlik dat die mens met sy verstand/rede moet deurdring tot die wese en sin van dinge, beïnvloed immers ook sy wetenskaplike werk. Ook sy soge= naamde kennisstrukture is religieus gekleur. (Dooyeweerd, 1963: 166). Daarom is sy samelewingsteorie begrens deur die menslike rede en insig wat meebring dat hy die individu heerser van die samelewingsverband wil maak.

### 2.2.4.3 Georg Hegel (1770-1813)

Georg Hegel (1770-1813), wat die rede (=like) en die werklike met mekaar ver=bind, se filisofie van tese (die subjektiewe gees) wat 'n objektiewe gestalte aanneem in byvoorbeeld die kultuurprodukte van die mens (die antitese) en uit=eindelik saamkom in die absolute gees (die sintese) of redelike wêreldgees (Valenkamp, 1980-81: 60) loop uit op bepaalde samelewingsteorieë wat van be=lang is vir die ontsluiting van die navorsingsprobleem.

Vir Hegel (1918: 11e.v.) aksentueer die moraliteit die subjektiewe (die gesind=heid) tot die regte of die goeie. Die sedelike substansie is vir hom die fami=lie, die burgerlike samelewing en die staat, waarmee die subjek hom vereensel=wig. (Hegel, 1952: 58-60).

Die huwelik sien hy as 'n seksuele verhouding, 'n regsverhouding en 'n geestelike verhouding, dog aan laasgenoemde heg hy minder waarde: "de genegenheid komt wel" (Hegel, 1918: 11). Deur die huwelik ontstaan die familie en baie families vorm 'n samelewing.

Die staat is die werklikheid van die sedelike idee, die aardse goddelike. State is egter tydelik, "terwijl zij als individuen tot elkaar in een verhou=ding van aantrekken en afstooten treden, toont hun lot, hun opkomst en verval, het proces der wereldgeschiedenis". (Hegel, 1918: 112). Hegel se siening van die staat sluit aan by die ou Griekse opvatting, naamlik dat "het recht der bijzonderheid gaat geheel op in den wil van den Staat".

Uit bogenoemde oorsig van Hegel se lewensopvatting en samelewingsbeskouing is die volgende van belang vir die huidige ondersoek:

* Volgens Hegel beklee die staat 'n oorkoepelende plek, die beginsel van soe=wereiniteit in eie kring word nie erken nie. (Vgl. Hoofstuk 3).

* Die goddelike karakter wat hy aan die werklikheid (die staat) toeken, mis=ken die God van die Skrif as soewereine, almagtige Skepper van die totale kosmos.

* Sy siening van die huwelik, waar die geestelike verhouding laag geëvalueer word, is nie te rym met die kenmerke van die ware Christelike huwelik wat 'n voorvereiste vir Christelike ouerskap is nie. (Vgl. Hoofstuk 3).

* Sy hartsgerigtheid (gebondenheid aan die grondmotief van natuur en vryheid) vertroebel, gemeet teen 'n Christelik-reformatoriese uitgangspunt, sy same=lewingsbeskouing.

2.2.4.4 Auguste Comte (1798-1851)

In paragraaf 2.2.4.1 is aangetoon dat Comte die waarneembare feite soek en dat die konkrete in sy kennisteorie 'n belangrike rol speel. Comte (1798-1851) sluit aan by die positiviste wat in beginsel die wetenskaplikheid van enige studie van die metafisiese (bo-sintuiglike), van alles wat nie waargeneem kan word nie, ontken. (Coetzee, 1977: 258). Die waarneming, die ervaring en die eksperiment word deur die positivis tot die enigste maatstawwe van die waar=heid verhef. Herbert Spencer (1820-1903) gaan selfs sover om 'n meer promi=nente plek vir die "scientific method" in die skole en die universiteite te bepleit. (Wilds en Lottich, 1970: 397).

Die teoretiese wetenskappe wat met die samelewingsverbande te make het, moet volgens die voorbeeld van die natuurwetenskappe, die maatskaplike feite waar=neem, orden en onder algemene wette bring. (Valenkamp, 1980-81: 62; Dooye=weerd, 1963: 182).

Comte soek eerder na die verbande tussen die verkreë feite as na die wese en werklikheid van dinge. As hy die verbande blootgelê het, kan gelykenisse en opeenvolgings en uiteindelik wette omlyn word, waarmee 'n teoretiese verklaring van natuur en kultuur en van die gang van die wêreldgeskiedenis gegee kan word. (Wilds en Lottich, 1970: 431; Valenkamp, 1980-81: 62).

Comte se siening van individualiteit en sosialiteit is betekenisvol vir die sleutel van hierdie navorsing, want anders as by Hegel (vgl. paragraaf 2.2.4.3) verklaar Comte dat die sosialiteit en die individualiteit by die mens in 'n harmoniese ewewig gebring behoort te word, sonder om een van die menslike ken=merke oor te beklemtoon. Net so wil hy altruïsme deur die liefde in ewewig bring met egoïsme. Uiteindelik moet, volgens Comte, die enkeling hom religieus oorgee aan die geheel van die mensheid vir volkome geluk. Comte se priesters is sosioloë - tereg tipeer Thomas Huxley Comte se opvatting van die nuwe maat=skaplike orde as katolisisme sonder Christus of Christendom. (Valenkamp, 1980-81: 63-64; Wilds en Lottich, 1970: 430-433). Dooyeweerd (1963: 183) wys egter pertinent daarop dat "dit gehele motief van de moderne sociologie was het on=vervalste 'natuurmotief' van het klassiek humanistiesch wetenschapsideaal.

Het vertoonde dezelfde rationalistische en optimistische inslag". (Comte, 1893: 460-463).

Samevattend en transendentaal-krities deurskou, kan die volgende met betrek=king tot Comte se beskouinge gesê word in soverre dit in verband staan met die soeke na 'n samelewingsteoretiese model:

* Waarneembare en konkrete feite speel wel 'n belangrike rol in die wetenskaps=beoefening en in die verklaring van die (samelewings=) werklikheid, maar die ontkenning en die afkraak van die "holle metaphysische speculaties" (Dooyeweerd, 1963: 182) bring 'n wanbalans in Comte se verklaring van die sin van die werklikheid. Die lewensopvatlike (wat metafisies is) word glad nie geag nie; andersyds, word dit 'n balangrike plek gegee waar die liefde (wat ook bo die waarneembare is) altruïsme in ewewig met egoïsme moet bring. Bowendien is die bestaan van God vir die Christen-wetenskaplike nie van die mens se waarneembare eksperimentele bewyse afhanklik nie, want die Drie-enige God is soewerein en almagtig, soos geopenbaar is sy Woord.

* Die harmonie tussen die individuele en sosiale karaktertrekke van die mens, wat deur Comte bepleit word, is vir die Christen aanvaarbaar, want die ouer en die onderwyser moet die individuele en die sosiale karaktereienskappe (i.c. modaliteitsfunksies) in mekaar en in hulle kinders of leerlinge erken, om sodoende tot sinvolle kontak en samewerking te kan kom.

2.2.4.5 Karl Marx (1818-1863)

In paragraaf 2.2.4.1 is aangetoon dat Karl Marx (1818-1863) God Drie-enig verwerp en in sy plek 'n klaslose samelewing stel wat uiteindelik 'n hemel op aarde sal wees. Marx se antropologie is gebou op sy apostatiese religieuse hartsgegrepenheid, want hy sien die mens as 'n (God-) vervreemde skepsel. In sy staatsiening sluit hy aan by Hegel, naamlik dat die staat wat moet bestaan uit die proletariaat, allesoorkoepelend moet wees, maar hy verwerp die Idea=lisme van Hegel (vgl. paragraaf 2.2.4.3). Marx sê die mens onderskei hom van die dier deur sy arbeid, maar in die kapitalistiese stelsel ontstaan die self=vervreemding van die mens, omdat die mens deur sy maaksels ("produkte") gekon=troleer en beheers word. (Valenkamp, 1980-81: 67; Popper, 1949: 155e.v.). Die uitbuiting van die werker, veral in die tyd van die Industriële omwenteling (1848) in Europa, word volgens Marx deur die base met hulle religieuse beskou=inge geregverdig: "Godsdienst is opium vir die volk". (Marx, 1910: 279-290).

Marx het baie definitiewe standpunte in verband met 'n samelewingsleer gehad. Kommunisme, wat sy oorsprong by die denke van Karl Marx gehad het, is 'n vorm van sosialisme. Kommunisme word meer bepaald gekenmerk as 'n soort ekonomiese sosialisme waar alle privaatbesit gesosialiseer word, met ander woorde, alle goedere en produkte (materiële besittings) behoort aan almal gesamentlik en in die praktyk kom dit daarop neer dat alle besit aan die staat oorgedra word. Karl Marx (1910: 279-290) leer dat die staat deur die kapitalistiese stelsel bedreig word en selfs onder aanvegting van die Kapitalisme tot niet kan gaan. (Kalsbeek, 1970: 22; Van Wyk, 1979: 63). Die God-vervreemde mens van Marx word by implikasie uitgelewer aan 'n ander, mensgemaakte god, naamlik die klaslose, "kapitalisties-lose" staat.

Marx gaan in sy dialektiek van die veronderstelling uit dat die besitloses as edel beskou word en die besitters as kwaadaardig. Marx "stel 'n klaslose maatskappy in die vooruitsig wat moet dien as troos vir die onderdrukte en uitgebuite proletariaat" (Roos, 1979: 45-47).

Van belang is die standpunt van die Stalinistiese Kommunisme oor die gesin soos deur Roos (1979: 76) geformuleer: "In die kommunistiese gemeenskap sal die huisgesin as gemeenskap verval aangesien kinders gemeenskaplik grootgemaak sal word". Aanvanklik is gepredik dat 'n man en vrou kan saamleef en kinders hê en mekaar mag verlaat soos hulle wil, die latere Kommunisme het tôg registrasie van saamleef ('n soort huwelik) toegelaat. Man en vrou word as gelyke arbeiders beskou terwyl hulle kinders as toekomstige arbeiders aan die staat behoort. (Van Wyk, 1979: 68). Dit blyk dus duidelik dat die huisgesin as primêre same=lewingsverband prinsipieel buite rekening gelaat word in die opvoeding van die kind.

Opvoeding as sodanig is vir die Kommunis 'n vorm van aanpassing van die individu by die sosiale ontwikkeling. Die staat as verteenwoordiger van die gemeenskap, beheer die skool en bepaal die doel van (opvoedende) onderwys, naamlik om uit=eindelik, volgens Kurasow (soos aangehaal deur Van Wyk, 1979: 73) revolusio=nêre opbouers van die sosialisme te vorm.

Vir die doel van hierdie navorsing en met die oog op die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3) kan die volgende kritiese evaluering vanuit 'n Christelik-reformatoriese grondslag van die Marxisties-Kommunistiese (samelewings=) werk=likheids- en godsbeskouing gemaak word:

* Karl Marx, wat die vryheid van die mens - los van God en godsdiens - in die klaslose staat soos gefabriseer deur die menslike rede (die natuur) soek, is vasgevang in 'n dualistiese stryd van natuur en vryheid. Marx wil met die ratio (die natuur) 'n vryheid (klaslose staat) skep wat vir die mens 'n heil= staat moet wees. Maar steeds gaan sy samelewingsteorie mank aan die erken= ning van die eenheid in die verskeidenheid van die skeppingswerklikheid en sy teorieë word verder verarm deur sy (gewaande) uitskakeling van God, die soewereine almagtige Skepper en Onderhouer van die ganse kenbare werklik= heid.

* Marx (1910: 279-290) se staat, wat die huidige kommunistiese staat geword het, word verabsoluteer; daarom speel die ouerhuis en die skool 'n onder= geskikte rol wat nie te rym is met die beginsel van (relatiewe) soewereini= teit in eie kring waarvan die erkenning veral vir doelmatige ouer-onderwyser= kontak 'n voorvereiste is. (Vgl. paragraaf 3.2.4).

2.2.4.6 John Dewey (1859-1952)

John Dewey (1859-1952), 'n eksponent van die Instrumentalisme en Pragmatisme, 'n wetenskaplike wat die sintuiglike waarneming as voorvereiste vir ware weten= skapsbeoefening gestel en religie as fantasie beskou het, se mensbeeld hou in dat die mens geen vrye wil het nie, want die mens word gevorm en hy pas aan by sy omgewing. Omdat die omgewing voortdurend verander, is die mens ook 'n ver= anderende wese. (Dewey, 1939: 129). Met sy uitgesproke ateïsme, ontkenning van absolute waardes, vervanging van die ou "negatiewe deugde" soos gehoor= saamheid met sosiale kwaliteite soos insig, selfstandigheid, ondernemingsgees, sosiale krag, selfaktiwiteit en sosiale belangstelling, aanvaarding van die evolusionistiese grondslag vir sy opvoedingsleer, en sy opvatting dat die skool die kweekplek van internasionalisme is, beskou Roos (1979: 24-25) Dewey se ge= dagtes as 'n bedreiging vir Christelik-nasionale opvoeding.

Daar is vir die Christen-opvoedkundige egter heelwat waarheidsmomente in die sogenaamde tradisionele sosialistiese opvoeding, so byvoorbeeld sien die so= sialis (waarvan Dewey 'n belangrike verteenwoordiger was) die skool as die plek waar die kind voorberei moet word vir al die fases van die sosiale lewe - "for a balanced and effective participation in all social institutions". (Wilds en Lottich, 1970: 437). Sodanige verworwe kennis, wat in die skool verkry word, kan tot nut van die gemeenskap en tot verdere uitbouing van die skool= curriculum aangewend word. (Dewey, 1939: 269).

Die ouerhuis as sosiale opvoedingsinstelling het baie aandag van Dewey geniet, want behalwe dat huwelikspare onderrig moet ontvang in huishoudelike pligte, word instruksies oor seksuele higiëne, babasorg en ander fases van die kind se lewe saam met die ouers en ouerskap ook gegee. (Wilds en Lottich, 1970: 439).

Vir Dewey is die belangrikste opvoedingstaak van die opvoeder om die onvolwas= senes (kinders) so te vorm en te onderrig dat hulle van praktiese nut vir die samelewing sal wees. (Van Wyk, 1979: 38).

Ten slotte: Dewey se bydrae tot die model van hierdie navorsing (Hoofstuk 3) is die volgende:

* hy maak die Christen-opvoedkundige bedag daarop om nie die werkende praktyk te verhef tot die uiteindelike doel of norm van opvoeding nie;

* hy fouteer, net soos sy voorgangers wat in die voorafgaande paragrawe be= handel is, deur dinge uit die werklikheid in die plek van God te stel en ook om die individu ondergeskik aan die sosiale samelewing te stel, en

* tôg is sy siening van die gesin en skool as opvoedingsinrigtings wat gesa= mentlik werk aan die opvoeding van die kinders, 'n wins vir die soeke na 'n samelewingsteoretiese model, want iets van 'n vennootskap (vgl. paragraaf 6.2.2.2.3) is merkbaar.

2.2.4.7 Theodor Adorno (1903-1969)

Theodor Adorno (1903-1969) wat beweer het dat die moderne samelewing totalitêr en redeloos is (vgl. paragraaf 2.2.4.1), het ook gesê dat die mens in sy wese van nature goed is - 'n standpunt wat die reformatoriese denker steeds verwerp omdat hy glo dat die mens in sonde ontvang en gebore is en slegs deur die gena= dewerking van Christus en die Heilige Gees gered kan word.

Theodor Adorno, Max Horkheimer en Herbert Marcuse het gesamentlik groot bete= kenis gehad vir die ontwikkeling van die kritiese teorie. Vir hulle is die hedendaagse samelewing totalitêr en redeloos, die toekomsverwagtinge en -pers= pektiewe is katastrofaal, en die huidige moderne samelewing kan nie diê pro= bleme hanteer en oplos nie. Hulle, saam met ander eksponente van die "New Left" het dit met mekaar gemeen dat hulle almal pleit vir 'n ander orde as die bestaande en dat hulle op anargie ingestel is. (Valenkamp, 1980-81: 73; Van Wyk, 1979: 125-128).

Die kritiese teorie wil die verborge vorme van onderdrukking in die "establish= ment" ontmasker, waaronder ook die gesin, die skool en die onderwys ressorteer. Die kerk en die staat spring ook nie vry nie. Die vry mens, bevry van die "establishment", kan dan tot selfverwesenliking kom in 'n heerskappyvrye same= lewing, volgens Adorno en sy geesgenote.

Ten einde heerskappyvrye opvoeding te beoefen, is van die volgende metode ge= bruik gemaak: sosialistiese kinderorganisasies is in die lewe geroep wat op verskeie terreine nie net medeseggenskap ten opsigte van onderwys nie, maar volle kontrole daaroor geëis het en ook daarop aanspraak gemaak het asof dit hulle reg was. (Roos, 1979: 69-70; Van Wyk, 1979: 137).

Die gesamentlike oogmerk van hierdie denkskool moet dus gesien word as die omverwerping van die Westerse samelewing (=sverbande).

Met behulp van die transendentaal-kritiese metode kan daar besin word oor hier= die denkskool se God-lose filosofie. Vir die samelewingsteoretiese model (Hoofstuk 3) geld slegs die negatiewe wat geweer moet word:

* om anargie en rewolusie aan te blaas, is in stryd met God se geopenbaarde wil, wat wet en orde vereis;

* die mens is 'n sondige wese wat van kleinsaf opgevoed moet word, hy is 'n opvoedingsbehoeftige;

* die ontydige en vroegtydige gesagsbekleding van die onrype, onvolwassene sal eerder katastrofale gevolge hê, en

* die onbeheerste vryheidsideaal van die mens dryf hom in hierdie filosofie tot die afbreek van die ordelike samelewingswette van God vir die samele= wingsverbande.

2.2.4.8 Gevolgtrekking

Die filosofiese denkers wie se denke gesteun word deur die religieuse grond= motief van natuur en vryheid aanbid die rede en aanvaar onder andere net dit wat sintuiglik waarneembaar en wetenskaplik-eksperimenteel bewysbaar is. Alhoewel daar aksentverskille by die verskillende denkers is, is die wese van die natuur-vryheidgrondmotief in almal se denkstandpunte merkbaar.

Kant skei geloof en rede, die lewensopvatlike en wetenskapsbeoefening terwyl Hegel die staat met 'n oorheersende oorkoepelende mag beklee. Comte erken nie die almag van God nie en bepleit 'n harmonie tussen die individuele en sosiale ontwikkeling van die mens. Marx, die grondlegger van die Kommunisme, verabso= luteer die klaslose heilstaat. Dewey, die Pragmatis, oorspan die rol van die werkende praktyk en Adorno en sy geesgenote is selfs bereid om anargie en re= volusie aan te blaas ter wille van hulle heerskappyvrye samelewing.

### *2.2.5 Anastatiese denkrigting*

#### 2.2.5.1 Oriëntering

Waar die meeste denkers wat in die vorige paragrawe behandel is, apostaties in hulle werklikheidsbeskouing gerig was, is die eksponente van die skepping, sondeval en verlossing in gemeenskap met die Heilige Gees religieuse grondmo= tief, wat in die volgende paragrawe aan die orde sal kom, anastaties gerig in hulle denke. In die gedeelte wat volg sal, net soos in die voorafgaande paragrawe, getrag word om by die samelewingsteoretiese model vir die evalue= ring van ouer-onderwyserkontak uit te kom deur met die filosowe/opvoedkundiges in gesprek te tree en transendentaal-krities na hulle standpunte oor veral die samelewingswerklikheid te kyk.

#### 2.2.5.2 Die Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in gemeenskap met die Helige Gees

##### 2.2.5.2.1 Vooraf [1]

---

1) Vir 'n volledige uiteensetting van wat die skepping, sondeval en verlossing deur die genadewerking van die Heilige Gees religieuse grondmotief is, word verwys na Postma. (1983(a): 130-131). Vir die doeleindes van hierdie na= vorsing is dit raadsaam om die volgende hooflyne van die skepping, sondeval en verlossing deur die genadewerking van die Heilige Gees religieuse grond= motief uit te lig:

* Hierdie religieuse grondmotief is gegrond op God se geopenbaarde Woord, die Bybel, waar
* die mens as kroon van God se skepping veral ter sprake is. Die mens is aan die begin na die beeld van God geskape, maar
* het in sonde geval.
* Deur die genadewerking van die Heilige Gees en deur die soenverdienste van Christus is die gevalle mens herstel en prinsipieel van die mag van die sonde bevry, maar
* nog steeds moet hy in hierdie bedeling teen die sonde stry.

Die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur die gena=dewerking van die Heilige Gees is die beheersingsmotief van die Christelik-reformatoriese denke. As dryfkrag loop hierdie grondmotief in die ou Israeli=tiese, vroeë Christelike en Reformatoriese opvoedingstelsels deur. (Steyn *et al.* 1981: 61e.v.). Die ou Israelitiese opvoeding was in die periode van Messias=verwagting, terwyl die vroeë Christelike en Reformatoriese opvoeding na die koms van Christus staan in die era van verwagting op die wederkoms van Chris=tus.

Die vroeë Christelike denkers het gepoog om 'n kompromis tussen Christendom en Hellenisme te bewerkstellig. (Vgl. veral Augustinus, paragraaf 2.2.3.3). Hierdie kompromis het aanleiding gegee tot akkommodasie- en dualistiese denke in die wetenskap (i.c. opvoedkunde), vergelyk in hierdie verband die natuur-genade- en die natuur-vryheidgrondmotiewe. (Paragrawe 2.2.3 en 2.2.4).

Ten opsigte van die Christelik-reformatoriese denkers, sal in die volgende paragrawe stilgestaan word by enkele prominente eksponente van hierdie denk=rigting. Die betrokke verteenwoordigers is gekies op grond van die metode van historiese gewig deur middel waarvan soos volg te werk gegaan is: 'n uitvoerige literatuurondersoek is geloods (vgl. onder andere Rullman, 1928; Bavinck, 1908; Coetzee, 1965 en 1977; Waterink, 1941 en 1961; Kalsbeek, 1970; Dooyeweerd, 1, 1969; Spier, 1950; Strauss, 1978(b); Postma, 1983(a); Van Riessen, 1963; Vollenhoven, 1953; Taljaard, 1963 en 1976; J.H. van Wyk, 1970; Schoeman, 1979; Van der Walt, 1983(c); Stoker, 1961; Duvenage B, 1983; Landman, 1983 en Gunter, 1977) en die resultaat van die literatuurondersoek het aangetoon dat die (opvoedkundige) denkers wat verderaan in die visier van hierdie onder=soek kom, prominente figure was en dat elkeen wetenskaplike bydraes van formaat gelewer het wat veral rigting aan beskouinge oor die samelewingswerklikheid gegee het. Daar is geen ander kriterium as die literatuurondersoeke aangelê vir die keuse van die wetenskaplikes nie; daarom maak die lys ook nie aan=spraak op volledigheid nie. So byvoorbeeld is daar in Suid-Afrika fundamenteel-opvoedkundiges soos Gunter (1977), Landman (1983), Kilian en Smit (1978) en De Vries (1980) wat die opvoedingsverskynsel fenomenologies ontleed het en aan die lewensopvatlike (Christelike lewensopvatting) ook 'n bepaalde waarde heg, wat nie in die lys van denkers opgeneem is nie. Enersyds sou dit hierdie ondersoek te omvattend maak; andersyds, is daar heelwat Christelik-reforma=toriese beginsels in hulle werke te bespeur (vergelyk Beard en Morrow, 1981: 45-69) wat ooreenstem met die sieninge van die opvoedkundiges wat wel behandel gaan word.

Voorts word kortliks gemotiveer waarom juis diê besondere wysgerige en opvoed= kundige denkers gekies is. Die Christelik-reformatoriese opvoedkundige be= skouinge van J.Chr. Coetzee staan onder die invloed van reformatoriese denkers soos A. Kuijper, H. Bavinck en J. Waterink. Daarom sal die beskouinge van laasgenoemde drie skrywers in soverre dit verband hou met die navorsingstema kortliks omlyn word. Daarna sal J.Chr. Coetzee se beskouinge in oënskou geneem word.

Suid-Afrikaanse Christelik-opvoedkundiges soos J.H. van Wyk, P.G. Schoeman en J.L. van der Walt se opvoedkundige bydraes oor ouer-onderwyserkontak hou ver= band met besinninge oor samelewingsverbande (en hulle onderlinge verhoudinge) van filosowe soos H. Dooyeweerd, D.H.T. Vollenhoven, J.A.L. Taljaard, D.F.M. Strauss, H.G. Stoker en B.Duvenage. Daarom sal daar kortliks gewys word op die beskouinge van laasgenoemde ses skrywers oor ouer-onderwyserkontak en vraagstukke wat daarmee verband hou, waarna Van Wyk, Schoeman en Van der Walt se standpunte oor die tersaaklike samelewingsverbande aan die orde sal kom.

Hierdie besinning is essensieel vir hierdie navorsing om, saam met die bevin= dinge oor die voorafgaande apostatiese beskouinge (vgl. paragrawe 2.2.2 en 2.2.4), uiteindelik in Hoofstuk 3 tot 'n eie samelewingsteoretiese model te kom aan die hand waarvan ouer-onderwyserkontak fundamenteel-opvoedkundig geëvalueer kan word.

2.2.5.2.2 A. Kuijper (1837-1920)

Abraham Kuijper het die volstrekte gesag van die Bybel as die Woord van God erken. Sy geloofsoortuiging omspan sy ganse denkarbeid.

In hierdie paragraaf sal veral gekonsentreer word op sy siening van die mens in die gesin en in die skool. Kuijper beskou die gesin as van primêre belang "waaruit geheel ons menselijke saamleven zich vanzelf ontplooide; waarin van= ouds de kracht school van onzenburgerstaat en de zenuw van onze nationaal le= vensenergie" (Rullman, 1982: 238). Sy antirewolusionêre staatkundige siening sowel as sy standpunt dat die kerk moet reformeer, kan nie werklikheid word as daar nie reeds in die gesin grondslae wat verband hiermee hou, gelê word nie; daarom moet gesinsopvoeding op God se Woord gebou word, en wel op die volgende wyses:

* vermaninge moet in die gees van die Skrif plaasvind;

* die huislike gewete moet getoets word aan die Skrifbeginsels;

* huislike probleme moet in die lig van die Skrif ontrafel word, en

* die reëls en orde van die gesin moet in ooreenstemming met Skrifperspek=tiewe wees.

Vir Kuijper moet die skool wat eintlik aan die ouers behoort (vgl. Rullman, 1928: 239-241; Kuijper, 1870: 9), by die huis aansluit in sy opvoedingswerk. In die skool moet die sedelik-etiese opvoeding meer voorrang geniet as die blote intellektuele onderrig. Kuijper se bekende skoolstryd het gegaan oor 'n vrye skool, waar God se Woord en die gebed die grondslag en doel moes vorm. In sy worsteling om dié Bybelskool word hy gedryf deur twee beginsels, naamlik sy innige liefde vir die verbondskinders, en tweedens sy geloof in die reg van ouers om hulle kinders in ooreenstemming met dit wat in die doopbelofte vereis word te laat onderrig. Toe hy onderwysers op hulle goue fees te Am=sterdam in die Konsertgebou toegespreek het (dit was ook sy 70ste verjaarsdag, 1904) het hy sy toespraak met die volgende besielende woorde, wat sy agting vir onderwysers beklemtoon, afgesluit: "Gij (die onderwysers) hebt met het schoolkind in de armen de wacht bij het kruis betrokken, laat dat kind nooit los, en laat dat kruis nooit los! En die God, die de God is van ons aller Doop, Die zal het u doen gelukken!" (Rullman, 1928: 241).

By Kuijper, wat juis die formuleerder was van die beginsel van soewereiniteit in eie kring, is daar dus bepaalde grondslae wat vir die samelewingsteoretiese model van belang is:

* Hy erken die Drie-enige God as die skepper van alle dinge; daarom ook van die samelewingsverbande.

* Die primêre plek wat die ouerhuis in die opvoeding van die verbondskind inneem, is van kardinale betekenis, soos in Hoofstuk 3 aangetoon sal word.

* Essensieel vir Christelike opvoedende onderwys is ook sy beskouing dat die sekondêre opvoeding van die skool moet aansluit by die opvoeding van die ouerhuis.

* Hy ag die kind sowel as die ouer en die onderwyser hoog.

2.2.5.2.3 H. Bavinck (1854-1921)

In die beskouing van Bavinck oor opvoedkunde en opvoeding sal kortliks gelet word op sy godsdiensbeskouing, mensbeskouing, samelewingsteorie, gesagsbeskou= ing, die beginsel van verskeidenheid en eenheid soos deur hom geformuleer - alles soos dit verband hou met die bepaling van die sleutel tot ware ouer-onderwyserkontak.

Volgens Bavinck (1908: 8-9) streef die gereformeerde godsdiens daarna om ge= trou en in ooreenstemming met God se Woord in leer en lewe (dus ook in die beoefening van opvoedkunde en in die opvoedingshandeling) te wees. Tereg beweer Bavinck (1908: 15): "Wie dus aan het kind in de opvoeding den gods= dienst onthoudt, pleegt geweld jegens de menschelijke natuur, bezondigt zich aan de ziel van het kind en verarmt zijn leven" - want, toon hy verder aan, opvoeding is in die skepping gegrond: alle volke, mense van alle tye en van alle lande voed op, of tot eer van God of tot eer van 'n afgod.

Die mens, soos deur Bavinck (1908: 7) aangetoon, is 'n opvoedingsbehoeftige, hy is hulpeloos en hulpbehoewend van sy geboorte af. Opvoeding is leiding na Bo. Bavinck kom met sekere sterk prinsipiële uitsprake wat tot vandag toe nog in die Christelike opvoedkunde sterk figureer. Hierdie beginselstandpunte van Bavinck (1908: 5-7) kan gesien word as diens van God deur die opvoedkundige sowel as die opvoeder. So beweer hy dat geen opvoedkunde ooit neutraal is nie, want die opvoedkundige se wetenskaplike arbeid hang ten nouste saam met sy lewens- en wêreldbeskouing. Die mens kan hom nooit losmaak van sy lewensop= vatting nie.

Vir Bavinck is die doel van opvoeding om die kind te bring tot "waaragtige godsvrug, organies verbind met deeglike kennis en egte beskawing" (Coetzee, 1977: 314). Tôg is daar nog tekens van 'n onaanvaarbare dualistiese mensbeeld by Bavinck te bespeur, want volgens Coetzee (1977: 314) moet eers taalkundige en daarna natuurkundige onderwys gegee word, waarna aanvullend handearbeid= onderrig en liggaamlike opvoeding gegee moet word. Die mens in al sy funksies behoort as eenheid ontsluit te word.

Bavinck se siening van tug hang saam met sy beskouing oor die gesin (die ouer) en die skool (die onderwyser). God verleen gesag aan ouers oor hulle kinders en aan onderwysers oor hulle leerlinge. Verskeidenheid en eenheid word deur hom erken, daar is nie net verskille tussen ouerhuis en skool nie, maar ook

tussen skole onderling. Verskillende ouers en verskillende skole sal elkeen op 'n eie manier dieselfde lewens- en wêreldbeskouing op kinders en leerlinge oordra (Bavinck, 1908: 24-25). 'n Belangrike beginsel wat hy erken, is dat Christelike religie altyd Goddelike gesag veronderstel, maar "Zij (God) geeft aan elk zijn eigen rechten, maar houdt vôôr alle dingen aan elk zijn eigen plich= ten voor. Zoo brengt zij in het verheven werk der opvoeding eenheid en samen= werking tot stand tusschen gezin en school, kerk en staat. Ieder heeft daar= bij zijn eigen taak, zijne eigene Goddelijke roeping." (Bavinck, 1908: 32).

Bavinck is van mening dat die ouerhuis en die skool ten nouste by mekaar moet aansluit, nie net ten opsigte van die gees en rigting (lewensopvatlike) van opvoedende onderwys nie, maar ook ten opsigte van menslike kwaliteite wat verband hou met opvoedende onderwys. So lê sy benadering van die vraagstuk van konsentrasie bepaalde opvoedkundige beginsels bloot, naamlik dat die eise vir goeie konsentrasie onder andere insluit ooreenstemmende opvoeding by ouer= huise en skole wat die opvoedende onderwys van die hele kind in die visier het. (Bavinck, 1908: 7).

Vir die sleutel tot die navorsingsprobleem kan die volgende essensies uit die behandelde opvoedkundige bydrae van Bavinck geneem word - om later in Hoofstuk 3 verwerk te word in 'n eie samelewingsteoretiese model:

* Godsdiens sluit opvoedkundebeoefening en opvoeding in.

* Die kind is vanweë sy (skeppings=) aard 'n opvoedingsbehoeftige.

* Opvoeding is leiding na Bo.

* Geen opvoedkunde of opvoeding is neutraal nie.

* Bavinck neig nog na 'n dualistiese siening van die mens, in plaas daarvan om die mens as meer as die somtotaal van al sy eienskappe te beskou (vgl. Hoofstuk 3).

* Gesag word deur God aan die mens verleen en tug moet in verantwoordelik= heid toegepas word deur elke gesagsdraer in elke samelewingsverband in oor= eenstemming met die Goddelike roeping wat vir elke verband geld. (Erkenning van die beginsel van soewereiniteit in eie kring).

* Die ouerhuis en die skool moet in hulle opvoedende onderwys by mekaar aansluit.

2.2.5.2.4 J. Waterink (1890-1966)

J. Waterink word deur Coetzee (1977: 312) beskou as die grootste gees onder die histories Christelike opvoedkundiges van die Calvinistiese rigting deur die eeue. Waterink vorm deel van die Kuijper-skool. Vervolgens sal kortliks op Waterink se beskouing van ouerhuis en skool gelet word, want sy benadering werp 'n ander lig op die navorsingsprobleem van ouer-onderwyserkontak.

Waterink (1941: 16) stem nie saam met standpunte van daardie tyd dat die skool 'n skepping van God is en dat die skool (onderwysers en leerlinge) as sodanig soewerein in eie kring is nie. Hy beweer dat die skool meer is as "het onderwijserscorps in zijn actviteit tegenover de leerlingen" (Waterink, 1941: 34).

Wanneer Waterink skryf oor die begrip skool, het hy veel meer as die enger begrip skool, naamlik onderwysers en leerlinge in gedagte:

* die ouers verteenwoordig deur hulle vereniging;

* die bestuur van die ouervereniging (volgens hom die bestuur van die skool);

* die hoof van die skool;

* die verskeie "leerkragte", en

* die skool, soos gevorm deur onderwysers en leerlinge.

Al bogenoemde partye vorm vir Waterink (1941: 34-35) êên kring; daarom mag daar volgens hom nooit beweer word dat die ouers en hulle bestuur aan die een kant in eie reg funksioneer teenoor die skool (onderwysers en leerlinge) as soewereine verband aan die ander kant nie. Die skool waarvan daar sprake is as daar geskrywe word van die skool as soewereine samelewingsverband, om= vat volgens Waterink (1941: 35) "... de totaliteit, die omsloten wordt door de lijn, die loopt van den eenvoudigsten ouder, die lid is van de schoolvereeni= ging, via het bestuur en het schoolpersoneel tot het jongste en domste kind op school".

Tôg dui hy aan dat die skool (die enger begrip van onderwysers en leerlinge) 'n eie taak het, ten opsigte van die metode van onderwys wat opvoedkundig-weten= skaplik bepaal word deur opgeleide opvoeders en opvoedkundiges (onderwysers

en opvoedkundiges). Slegs wanneer die doel, naamlik die gee van Christelike onderwys, in gedrang kom in die aanwending van die metode van onderwys, mag die ouerbestuur ingryp. (Waterink, 1961: 60e.v.).

Vir die samelewingsteoretiese model aan die hand waarvan kontakterreine en -wyses tussen ouers en onderwysers vasgestel word (vgl. Hoofstuk 3) is die volgende in die tersaaklike standpunte van Waterink van belang:

* Hy beklemtoon die feit dat ouers en onderwysers in 'n noue vennootskap saam=werk ter wille van die opvoeding van kinders.

* Die skool is meer as net die onderwysers en leerlinge, daar is drie belang=rike partye by die skool ingesluit, naamlik ouers, onderwysers en kinders.

* Die beginsel van soewereiniteit in eie kring mag nie eensydig toegepas word nie, want die beginsel van universaliteit in eie kring (vervlegting van same=lewingsverbande) geld terselfdertyd vir samelewingsverbande (in hierdie ge=val die ouerhuis en die skool).

2.2.5.2.5 J. Chr. Coetzee (1893- )

J. Chr. Coetzee word allerweë deur opvoedkundiges (Landman, 1985: 785-797) as grondlegger van die Christelike opvoedkunde in Suid-Afrika erken. Coetzee se beskouinge is onmiskenbaar, soos uit hierdie paragraaf sal blyk, gegrond op die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in gemeenskap met die Heilige Gees. Hy staan onder die invloed van A.Kuijper, H. Bavinck en J. Waterink, want hy erken en werk in sy opvoedkundige beskouinge met die antirevolusionêre beginsels van eenheid en verskeidenheid en soewereiniteit in eie kring. Coetzee erken die Drie-enige God as die skepper van die totale kosmos. Dit is egter ook so dat Coetzee nie die invloed van die drie ander religieuse grondmotiewe vrygespring het nie, soos verderaan aangetoon sal word.

In hierdie paragraaf sal eerstens gekyk word na Coetzee se siening van same=lewingsverbande soos hulle onderskeibaar is, waarna sy fundamenteel-opvoed=kundige ontleding van die gesin, die skool, die kerk en die staat en elkeen se betrokkenheid by die opvoedende onderwys aan die beurt sal kom. Ten slotte sal gewys word op sy mening oor die organisasie en beheer van die skool en die samelewingsverbande se verantwoordelikhede in hierdie verband. Deurgaans sal 'n kritiese benadering gevolg word, dan sal essensies wat van belang vir die sleutel van hierdie navorsing is, uit Coetzee se beskouinge geïdentifiseer word.

Coetzee (1965: 158) is tereg van mening dat die Opvoedkunde van die sosiolo= gie as toegepaste wetenskap gebruik moet maak om kennis aangaande die sosiale verbande, sosiale strukture en wette, oor die wese en aard van die samelewing te bekom. Op grond van ondersoeke in die sosiologie onderskei Coetzee (1965: 164) drie samestellings van sosiale kontak, naamlik primêre, sekondêre en intermediêre samestellings.

Die primêre is die kleinste samelewingsgroepe en hieronder ressorteer die gesin, die speelmaats en die mense van die klein onmiddellike omgewing. Hierdie primêre groeperinge is universeel en die eerste sosiale opvoeding vind hier plaas.

Volgens Coetzee word die sekondêre samestelling gekenmerk deur indirekte kon= tak en voorbeelde hiervan is institutêre kanale soos state, volkere, weten= skaplike verenigings en internasionale groeperinge.

Intermediêre groeperinge vorm 'n oorgang van die primêre na die sekondêre want hier vind direkte en indirekte kontak (aanraking) plaas. Voorbeelde van hier= die verbande is die skool en die kerk asook werkersbonde, boereverenigings, professionele organisasies, broederskappe, en dies meer.

Bogenoemde drie soorte verbande is 'n poging tot groepering, dog die gebrek aan strukture, funderings- en doelfunksies en Skrifperspektiewe (vgl. paragraaf 2.2.5.2.6) bring mee dat die onderskeidinge steeds vaag en lukraak bly. 'n Verdere poging van Coetzee (1965: 966) om samelewingsvorme in "vaste" (die huis, skool, kerk, klein buurtskap, dorpsgemeenskap en die staat) en in "onvaste" (speelgroepe, broederskappe, beroepsorganisasies, verenigings, ens.) groepe= ringe te onderskei, gaan mank aan dieselfde (strukturele) gebreke.

Wat van meer belang vir hierdie navorsing is, is die drieërlei opvoedingsin= stellings wat Coetzee (1965: 277-278) onderskei, naamlik die huis, wat die oorsprong en die primêre opvoedingsinrigting van die kind is; die kerk, wat die gemeenskap van die gelowiges is waaronder die kind ook inbegryp is en wat verantwoordelik vir die religieuse opvoeding van die kind in die besonder is; laastens die skool, wat die besondere instelling in die gemeenskapslewe is vir die onderwys en opvoeding van die kind.

Die staat is ook sydelings betrokke by die opvoeding van kinders, "maar wat na Christelike beskouing tog nie geroepe is om onderwys en opvoeding self te gee nie" (Coetzee, 1965: 278).

Coetzee onderskei ook nywerhede met hulle ambag-, handel- en tegniese skole wat 'n opvoedende onderwystaak het. Vervolgens is dit van belang om Coetzee se uiteensetting van die opvoedingstake van ouerhuis, skool, kerk en staat onder die loep te neem. Elkeen se spesifieke taak gaan onderskei word, en hoe die samelewingsverbande mekaar tot hulp kan wees in die opvoedende onderwys= taak.

* Die gesin en (ouer=) huislike opvoeding

Coetzee (1965: 278-282) begin deur 'n aantal wesenskenmerke van die Christe= like huwelik en gesin te onderskei:

- Adam en Eva en hulle eenheid laat die "huis" ontstaan.

- Die essensie van die huis word gevind in die gemeenskap van man, vrou en kind.

- Die huisgesin vorm 'n eenheid, geslotenheid en samehorigheid.

- "Geen mens of mag ter wêreld kan maak dat die ouers nie die ouers en die kinders nie die kinders is en bly nie." (Coetzee, 1965: 279). Die bande van bloed maak van die huisgesin die allerintiemste samelewingsver= band. Alhoewel Coetzee dit nie eksplisiet so aandui nie, sien hy reeds die funderingsfunksie van die gesin raak, naamlik die biotiese modali= teitsfunksie. (Dooyeweerd, paragraaf 2.2.5.2.4).

- Die ouers is die eerste beliggaming van die bindende, versorgende, be= skermende, ordeliewende en verenigende liefde vir die kind. Ook hier is dit opvallend dat Coetzee by implikasie die bestemmingsfunksie van die gesin raaksien, naamlik die etiese modaliteitsfunksie (Dooyeweerd, para= graaf 2.2.5.2.4). As hy konsekwent hierop voortgebou het, sou sy same= lewingsonderskeidinge veel duideliker en gevolglik die opvoedingstaak van elkeen veel skerper omlyn kon gewees het.

Die bestaan van die ouerhuis berus volgens Coetzee (1953: 369) op die vol= gende sewe "grondpilare":

- 'n Huwelik tussen een man en een vrou.

- Mense wat uit die huwelik gebore word.

- Kinders wat jare lank volkome afhanklik van hulle ouers bly.

- 'n Eie woning.

- Getroue arbeid vir die daaglikse brood van die gesin.

- Aaneensluiting met die oog op sekuriteit en regsversekerdheid.

- In die harte van die gesinslede moet die liefde heers.

Hierdie sewe "grondpilare" van die ouerhuis, soos geformuleer deur Coetzee en soos hy dit in die Heilige Skrif gefundeer het, het reeds die toets van die tyd deurstaan en is steeds geldend in 1986.

Oor die huislike opvoeding lewer Coetzee (1965: 281) duidelike uitsprake wat sterk verband hou met die sewe "pilare", soos gegrond op die Bybel. So beweer hy dat die skeppingsordonnansie die verantwoordelikheid op die ouers lê om hulle kinders liefdevol op te voed, in hierdie opsig verwys hy direk na die doopbelofte en verbondskinders.

Huislike opvoeding vorm die grondslag van alle opvoeding, want "die Christe= like beginsel eis dat die kind ook buite die huis, naamlik op skool, in die gees van die huis sy opvoeding moet ontvang" (Coetzee, 1965: 281). Die lewens- en wêreldbeskouing van die ouerhuis en die skool moet ooreenstem.

Die doel van huislike opvoeding is om die kind tot eer van God en tot die kind se saligheid op te voed. Waar Coetzee (1965: 281) beweer dat die Christelike ouer sy kind liggaamlik en geestelik moet versorg, hom moet voorberei vir die aardse en die hemelse lewe, is die invloed van die vorm-materiegrondmotief van die ou Grieke, 'n dualisme wat ook deur die natuur-genadegrondmotief en natuur-vryheidgrondmotief loop, duidelik merkbaar. Die mens mag immers nie versplinter word nie, want hy vorm 'n liggaam-siel= eenheid. (vgl. Hoofstuk 3).

Hierdie dualisme is ook merkbaar waar Coetzee (1965: 281-184) huislike op= voedingsinhoude hiërargies rangskik, naamlik eerstens religieuse stof en tweedens wêreldlike stof. Die een (naamlik religie en godsdiens) sluit tog alle handelinge van die mens in. Hierdie dualistiese siening van Coetzee het ook, soos by kerklike opvoeding aangetoon sal word, 'n invloed op sy siening van die taak en roeping van samelewingsverbande.

* Die skool en skoolopvoeding

Oor die ontstaan, wese en aard en roeping van die skool skrywe Coetzee (1955: 284-288) soos volg:

Ouers kon mettertyd nie meer aan die groter wordende eise van die same= lewing voldoen nie; gevolglik het die skool as 'n instelling in die mens= like samelewing ontstaan. Volgens Coetzee (1953: 377) ontstaan die skool as plaasvervanger, noodhulp vir die ouerhuis. (Die ouerhuis kan nooit ver= vang word nie, want volgens Coetzee self is die ouerhuis die enigste same= lewingsverband wat met bloedbande gesmee is.) Tôg kwalifiseer Coetzee ver= der, in teenstelling met "plaasvervangende" en "aanvullende" ouer: die skool "is egter geen verlenging of uitbreiding van die huis nie, want dit is 'n selfstandige, onafhanklike, eiesoortige inrigting" (: 377).

Volgens Coetzee verleen die ouers hulle gesag aan onderwysers, terwyl ouers hulle gesag direk van God ontvang. "Die ouers dra hulle reg aan die onder= wysers oor, en die onderwysers is dan selfstandig verantwoordelik vir die oorgedraagde taak. Die skool verkry daardeur soewereiniteit in eie kring". (: 378). Hierdie standpunt van Coetzee is aanvegbaar, want onderwysers as belangrike party van die skool, ontvang in eie reg gesag van God en is in laaste instansie aan Hom verantwoording verskuldig. Die onderwyser, wat stigter van die onderrigleersituasie is en professioneel-opgeleide opvoeden= de onderwyser is, is op grond van sy eie beroepstatus 'n gesagsdraer van God in 'n soewereine samelewingsverband, naamlik die skool. Coetzee se verwar= ring spruit uit die ongedefinieerde strukture (vgl. paragraaf 3.2.4) van ouerhuis en skool.

Oor die opvoedingstaak van die skool huldig Coetzee die volgende menings:

- Die skool het, op grond van sy wese en oorsprong, niks anders as 'n opvoe= dende funksie nie. (Word onderwys by opvoedende funksies ingesluit?)

- Die lewensopvatlike grondslag van die skool moet dieselfde wees as dié van die ouerhuise wat hy bedien, byvoorbeeld Christelike ouers moet 'n Christelike skool hê. (Hiermee is niks fout te vind nie, want op grond van die hartsgegrepenheid van die mens, sy verweefdheid met die lewens= opvatlike, mag die lewens- en wêreldbeskouing van die ouerhuis en die skool nie verskil nie, anders word die gees van die opvoedeling in twee verskeur.)

- Die uiteindelike doel van skoolopvoeding en gesinsopvoeding moet die= selfde wees, naamlik om op te voed tot diens aan God tot sy eer en sy verbondskinders se saligheid. Coetzee kwalifiseer die besondere doel van die skool as "die verskaffing van die kennis aangaande die mens en die natuur, terwyl die kerk se vernaamste doel weer is die verskaffing van die kennis aangaande God". ('n Dualistiese geneigdheid wil-wil weer deurslaan, dog Coetzee "korrigeer" homself deur direk na bogenoemde siening daarop te wys dat alle kennis in die lig van die kennis van God op skool onderwys moet word.)

- Die inhoud en metode: die inhoud moet insluit kennis van God en kennis van die mens en natuur wat uiteindelik beide geïntegreerd tot eer van God onderrig moet word; die metode is die "vrywel selfstandige" gebied van die skool, solank die metodes nie in stryd met die lewensopvatting van die ouerhuis is nie. (Hier kom iets van die professionele terrein van die skool ter sprake, naamlik dat die onderrig-leersituasie die pro= fessionele gebied van die opgeleide onderwyser is.)

Oor die verhoudinge tussen die kerk en die skool en die staat en die skool skrywe Coetzee (1953: 383-390) dat die kerk tot stand kom deur die besondere genade van God (in teenstelling met die skool wat deur die algemene genade van God ontstaan). Daar bestaan 'n duidelike grens tussen die kerk en die skool. Volgens Coetzee (1953: 384) geld die antirevolusionêre beginsel van soewereiniteit in eie kring hier. Met sy siening dat die kerk hoër staan as die skool omdat die kerk met religie te make het, kan nie akkoord gegaan word nie, want samelewingsverbande staan langs mekaar in 'n enkaptiese ver= vlegtingsverband, almal onder God. (Dooyeweerd, paragaaf 2.2.5.2.5). Die kerk mag deur middel van sy belydende en dooplidmate toesig hou oor die werk= saamhede van die skool, maar het geen direkte seggenskap oor die skool nie. Dit is hier waar die ouer as lidmaat en die onderwyser as lidmaat die roe= ping as gelowiges het om toe te sien dat die opvoedende onderwys in ooreen= stemming met Skrifbeginsels sal wees.

Ten opsigte van die staat en die skool stel Coetzee dit dat die skool nie sy oorsprong aan die staat te danke het nie. Histories en prinsipieel lê die beslissing oor die skool by die ouers, veral ten opsigte van die oprig= ting van die skool en die bepaling van die gees en rigting van die skool.

Coetzee ken sekere wettige belange ten opsigte van skoolopvoeding aan die staat toe, maar hy (1953: 385) wys duidelik daarop dat die staat as same=lewingsverband nie van nature geroep is om onderwys en opvoeding te gee of daarvoor te sorg nie. Die skool is nie 'n werktuig van die staat nie.

Waar Coetzee (1965: 288-294) handel oor die organisasie en beheer van die skool, dui hy aan dat die beheer van die skool, veral ten opsigte van die gees en rigting van die skool in al sy bedrywighede, deur gekose ouerrade behartig moet word. Die kerk het indirekte inspraak deur sy belydende ouers, die staat deur die direkteur en inspekteurs van onderwys en die onderwysers self oor die besonderhede van leerplanne en metodes.

Samevattend kan die volgende hoofmomente uit die werke van Coetzee (1953 en 1965) ten opsigte van ouer-onderwyserkontak uitgesonder word vir doeleindes van die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3):

Coetzee was die grondlegger van die Christelike opvoedkunde in Suid-Afrika, wat impliseer dat hy die eerste opvoedkundige denker hier te lande is wat ook oor 'n Christelike samelewingsleer in die Opvoedkunde besin het. Sy denkar=beid, soos dit in hierdie paragraaf op verskeie plekke reeds aangetoon is, het veral die volgende winste gelewer vir die samelewingsteoretiese model wat as sleutel dien vir die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onder=wyser (vgl. Hoofstuk 3):

* Opvoedkunde moet ook van ander vakwetenskappe gebruik maak waar samelewings=verbande bestudeer word, byvoorbeeld van die Sosiologie.

* Coetzee onderskei, hoewel nog huiwerig, verskillende groepe samelewings=instellinge of -verbande.

* Sy onderskeiding tussen ouerhuis, skool, kerk en staat lê fondamente waar=op latere opvoedkundiges kon bou om tot duideliker afbakening van die kom=petensieterreine van elkeen te kom.

* Die struktuuranalises van die verskillende samelewingsverbande het by Coetzee nog weinig aandag geniet, vandaar sy voorlopige taakafbakening van elke samelewingsverband.

* Die samewerking wat daar veral tussen ouers en onderwysers as onderskeide=

lik lede van die gesin en die skool behoort te bestaan, ter wille van die eenheidsopvoeding van die kind, is prinsipieel skerp omlyn en is sekerlik die grootste wins van sy bydrae in hierdie verband.

* Sy worsteling om los te kom van 'n dualistiese werklikheidsbeskouing en die mate waarin hy daarin kon slaag, dien tot verdere motivering vir alle Christen-opvoedkundige denkers om los te breek van valse religieuse grond=motiewe se invloed in die wetenskapsbeoefening.

2.2.5.2.6 H. Dooyeweerd (1894-1977)

Herman Dooyeweerd het met sy Wysbegeerte van die Wetsidee 'n deurbraak gemaak in die sekulêre ên reformatoriese denke. Hy lê leemtes bloot in ander denk=rigtings, byvoorbeeld in die vorm-materie-, natuur-genade- en die natuur-vry=heidsgrondmotiewe. Vir hierdie navorsing is dit nodig om na te gaan wat die wese van Dooyeweerd se Wysbegeerte van die Wetsidee behels, want sy kosmologie en veral samelewingsteorie wat gegrond is op sy Wysbegeerte van die Wetsidee het 'n sterk invloed op moderne Suid-Afrikaanse Christelike opvoedkundiges soos J.H. van Wyk, P.G. Schoeman en J.L. van der Walt se opvoedkundige werk uitge=oefen. Dooyeweerd se teorieë, saam met diê van genoemde Suid-Afrikaanse op=voedkundiges en ook Europese denkers (Vollenhoven, 1953; Kalsbeek, 1970; Spier, 1950 en andere) moet gesamentlik verreken word in die vasstelling van 'n samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/ge=sin/ouer en skool/onderwyser.

In die oorsig van Dooyeweerd se wetenskaplik-filosofiese bydrae sal in hierdie paragraaf stilgestaan word by sy Wysbegeerte van die Wetsidee, die wet van God, die vier struktuurmomente van die werklikheid met besondere verwysing na sy modaliteiteleer (resp. die leer van die wetskringe) en sy samelewingsleer wat bepaalde algemene onderskeidinge, die gesin, die huwelik, die staat en die kerk insluit. Telkens sal die verband met die navorsingstema aangetoon word om so=doende essensiële komponente van die sleutel vir ouer-onderwyserkontak uit te wys.

** Dooyeweerd se Wysbegeerte van die Wetsidee

Kalsbeek (1970: 62-66) gee 'n duidelike antwoord op die vraag waar die naam "Wijsbegeerte der Wetsidee" vandaan kom. Alle mense, ook die wat geen wetenskap of wysbegeerte beoefen nie, neem sekere wetmatighede, reëlma=tigheid en orde intuïtief waar. So is daar byvoorbeeld seisoene: 'n tyd

vir saai, ontkiem, groei, volwassewording en sterf, en in die menslike samelewing kerke, state, gesinne en skole vir almal om waar te neem. Die wysgeer gaan egter krities na hoe hierdie dinge elkeen lyk (hy onderskei) en hoe hulle saamhang. Wysgerig besig wees is "dat de wijsgeer (ook die fundamenteel-opvoedkundige vir sy navorsing oor ouer-onderwyserkontak) de structuur, de samenhang van de kosmos, waarvan de naïewe ervaring reeds min of meer weet heeft, sijstematisch tracht uit te vorsen en te beschrij= ven" (Kalsbeek, 1970: 62).


Elke stelsel van wysbegeerte gaan uit van 'n sekere wetsorde, wat nie bewys kan word nie, maar waarin geglo word. Elke wysgeer het ook 'n bepaalde idee van die wetsordening wat die wetsy van die tydse werklikheid vorm. Dooyeweerd betoog dat elke wysgerige stelsel deur een of ander wetsidee gedra word, al wil die wysgere dit nie erken nie. Dooyeweerd self wil in sy wysgerige stelsel hierdie wetsidee aan die lig bring, en gee uit= voerig rekenskap van die wetsidee van sy eie stelsel; daarom die naam: "Wijsbegeerte der Wetsidee".

Die Archimedispunt (kernpunt) waarvandaan Dooyeweerd (1, 1969: 100-104) vertrek in sy Wysbegeerte van die Wetsidee is "het waarachtig geloof in de openbaring Gods, waarvan Jezus Christus het centrum is" (Kalsbeek, 1970: 65). Die kosmos, waarvan die mens die hoogtepunt vorm, het as oorsprong die soewereine, heilige skeppingswil van God. Die geskape werklikheid vertoon bepaalde strukture, naamlik 'n religieuse struktuur, 'n tydse of temporele struktuur, 'n modale struktuur en 'n individuele struktuur. (Vgl. Figuur 2.1, p.56).

* Die religieuse struktuurmoment van die werklikheid: die totale geskape werklikheid is deur God in aansyn geroep en word nog deur hom in stand gehou en verder gerig en deur Sy voorsienige raad bestuur.

* Die tydse of temporele struktuurmoment van die werklikheid: die bestaan van alle dinge word deur tyd bepaal. God het saam met die kosmos tyd ge= skape, daarom is die skepping onderwerpe aan tyd.

* Die modale struktuurmoment van die werklikheid: hierdie struktuurmo= ment openbaar hom in vyftien modaliteite met elkeen 'n sinkern of wets= kern wat daardie wetskring kwalifiseer. Die geskape dinge verskil ten opsigte van hulle bestaanswyses, die dit (vgl. die individuele struk= tuurmoment) kan dus "sus" of "so" wees. (Vir 'n volledige uiteensetting




FIGUUR 2.1 STRUKTUURMOMENTE VAN DIE WERKLIKHEID

van die vyftien modaliteite word verwys na Spier, 1950: 69-100; Strauss, 1978(b): 12-26 en Van der Walt en Dekker, 1983: 50-53).

* Die individuele struktuurmoment van die werklikheid: die uniekheid van die verskeidenheid geskape dinge, elk met 'n eie struktuur en eie wette, waar die een van die ander onderskei kan word, vorm die individuele struktuur van die geskape kosmos. (Postma, 1983(a): 160-163).

In elke individualiteitstruktuur (wat in alle wetskringe funksioneer) is daar 'n bepaalde wetskring so op die voorgrond dat die identiteit, die tipiese daarvan deur diê bepaalde wetskring bepaal word. As voorbeeld kan die dier genoem word. Die gevoelsmatige (Psigiese) aspek tipeer die dier as dier en dit onderskei hom van die plant wat deur die biotiese aspek ge=kwalifiseer word. Hierdie struktuurbeginsel geld ook vir die samelewings=verbande soos verderaan aangetoon sal word. Dooyeweerd se Wysbegeerte van die Wetsidee, waarin hy God as die Skepper van die Wet, die mens as die heerser oor die kosmos in diens van God, die vier struktuurmomente van die werklikheid en veral individualiteitstrukture onderskei en aantoon, is re=levante sake vir hierdie navorsing, want:

* die samelewingsverbande (waaronder die ouerhuis en die skool) is deel van God se skepping;

* samelewingsverbande verskil van mekaar;

* samelewingsverbande is onderworpe aan tyd, en

* elkeen het 'n eie manier of wyse van bestaan en funksionering.

** Dooyeweerd se samelewingsbeskouing

Dooyeweerd het in sy filosofiese denke ook ondersoek ingestel na die on=veranderlike struktuurtipe- of tipiese struktuurbeginsels wat as norma=tiewe struktuurwette vir die menslike samelewingsverbande geld. (Kalsbeek 1970: 198e.v.).

Vir 'n volledige uiteensetting van Dooyeweerd se algemene onderskeidinge van samelewingsgroeperinge, naamlik gemeenskap- en maatskappyverhoudinge; ver=bande en natuurlike gemeenskappe; institutêre en nie-institutêre gemeen=skappe, en natuurlike en georganiseerde gemeenskappe word verwys na Kalsbeek (1970: 198-205 en Dooyeweerd 1, 1969: 187). Vir die doeleindes van hierdie

navorsing word slegs op die volgende beginsels wat volgens Dooyeweerd vir samelewingsverbande geld, gewys:

- Elke samelewingsverband het 'n eie gesagsdraer en gesagstruktuur. Dit word goed deur die volgende voorbeeld verduidelik: Wanneer die predi= kant huisbesoek doen by 'n bepaalde huis, dra hy as pastor in sy ampte= like hoedanigheid namens die kerk gesag, maar as dieselfde predikant 'n kruispad nader waar 'n verkeerskonstabel die verkeer reël, is hy (die pastor) weer ondergeskik aan die verkeersman wat namens die staat in sy amp funksioneer. As hierdie twee mans weer as bure beraadslag oor die snoei van die heining tussen hulle, is dit op vriendskaplike grondslag waar daar nie sprake is van 'n gesagstruktuur nie. (Kalsbeek, 1970: 202-203).

- Dooyeweerd het vir die eerste keer kompetensieterreine (bevoegdheids= terreine) afgebaken: die staat sy eie terrein, die gesin syne en die historiesgefundeerde kerk syne. Tôg is daar nie losse verbande langs mekaar nie, " ... integendeel ze zijn enkaptisch vervlochten" (Kals= beek, 1970: 205).

- Die verskillende struktuurtipes van samelewingsverbande is onderling onherleibaar, tôg kan elke samelewingsverband nie selfgenoegsaam bestaan nie. As die beginsels van enkaptiese vervlegting (universaliteit in eie kring) en struktuurtipiese verskille tussen samelewingsverbande (soewe= reiniteit in eie kring) uit die oog verloor word, kan enersyds die uni= versele verabsoluteer word (universalisme), en andersyds die individuele wat die samelewing verklaar as 'n geheel wat ontstaan het uit die verhou= ding tussen die afsonderlike individue (individualisme). Tereg wys Spier (1950: 180) daarop dat Dooyeweerd ook hier terugverwys na die Skrifgegewens en -perspektiewe: "In het lichaam van Christus vindt heel de tijdelijke sameleving haar zinvolheid".

** Dooyeweerd se opvatting van die struktuur van die gesinsgemeenskap

In die bepaling van die struktuur van die gesin het Dooyeweerd (III, 1936: 210e.v.), soos ook later deur Kalsbeek (1970: 207-213) en Spier (1950: 185-192) bevestig en uitgebou, die volgende essensies van die gesin oop= gedek:

Voorwetenskaplike ervaring sê vir die mens reeds die volgende oor die gesin:

- 'n Bepaalde gesin is deel van die kerk;

- die gesin (ouers en kinders) is ook deel van die skool wat deur die kin=ders bygewoon word;

- hulle is ook deel van die beroepsgemeenskap waaraan die vader of moeder behoort, en

- die gesin vorm ook deel van die staat of volk waarvan die gesinslede burgers is.

Die identiteit van die gesin is egter nié van bogenoemde voorteoretiese kennis afhanklik nie. Die unieke karakter van die gesin wat hom as same=lewingsverband onderskei van ander verbande, word gevind in die funderings- en bestemmingsfunksie van die gesin. Die funderingsfunksie word op die volgende wyse deur Dooyeweerd (III 1936: 210) omskrywe: "De natuurlijke afstamming en bloedgemeenschap der uit de geslachtelijke verbinding van een ouderpaar voortspruitende kinderen is het onafwijsbaar tijpisch structuur-fundament, waarop zich het gezin opbouwt."

Die gesin as samelewingsverband het as doel- of kwalifiseringsfunksie die etiese. "Het is immers de morele liefdesverhouding tussen ouders en kin=deren onderling, die het gehele gezinsleven behoort te beheersen." (Kals=beek, 1970: 208).

Die biotiese as funderingsfunkdie van die gesin bepaal en rig ook die mo=rele, normatiewe liefde in die gesin wat van besondere unieke intensiteit is. Die ganse bestaan, funksionering en andersheid van die gesin is gerig deur die liefde en gebou op die biotiese. Die gesagstruktuur word in die gesin gekenmerk deur liefdesorg, en so word al die modaliteitsaspekte van kinders en ouerlike opvoeding ontsluit onder leiding van die etiese. (Van der Walt en Dekker, 1983: 92-95).

So onderskei die gesin hom van die kerk en die skool, want die gesin is gekwalifiseerd as liefdesgemeenskap en nie 'n geloofsgemeenskap, soos die kerk of 'n leer- en onderriggemeenskap soos die skool nie.

Hierdie interne struktuur van die gesin maak die identiteit van die gesin onveranderlik. Die gesin bly dieselfde, al verhuis die gesin ôf al verander die gesin van skool of kerk. Die gesin is ook tydgebonde - bly nie voortbestaan nie, want die kinders word volwasse, ouers sterf en die gesags- en ondergeskiktheidsverhouding "is vervallen" (Kalsbeek, 1970: 213).

Vir die ontsluiting van hierdie navorsingsprobleem is dit nodig om in berekening te bring dat die gesin uniek in sy samestelling is, (bou of struktuur) en daarom 'n eie besondere roeping (ook ten opsigte van die opvoeding van verbondskinders) en taak het wat verskil van diê van die skool.

** Dooyeweerd se siening van die struktuur van die huwelik

Aangesien die huwelik en die gesin nie van mekaar geskei mag word nie, en as sodanig albei direk of indirek te make het met die opvoeding van die kind, word die relevante essensies van die struktuur van die huwelik soos deur Dooyeweerd aangetoon, in hierdie onderafdeling gegee.

Dooyeweerd, soos aangehaal deur Kalsbeek (1970: 214), se omskrywing van die huwelik dui die funderings- en bestemmingsfunksie van hierdie samelewingsverband aan, want hy beskryf die huweliksgemeenskap as "een morele liefdesgemeenskap voor de duur van het leven tussen man en vrouw, op de grondslag van een relatief duurzame organisch sexuele verbondenheid". Volgens Dooyeweerd is die huwelik as sodanig bioties gefundeer en eties gekwalifiseer. (Met die funderingsfunksie het ander opvoedkundiges nie vrede nie, soos in die betrokke paragrawe aangetoon sal word).

Van meer belang vir die samelewingsteoretiese model (vgl. paragraaf 2.2.1), is die doelfunksie van die huwelik. As die huwelik tussen een man en een vrou nie deur die morele liefde gerig word nie, kan haat oorneem en die huwelik nog net in naam bestaan. In hierdie geval word die gesin en gesinsopvoeding verskeur.

Die gesagstruktuur in die huwelik grond Dooyeweerd op Skrifperspektiewe: die man is die gesagsdraer op grond van God se geskape kosmiese wetsorde. Die man is die hoof van die vrou en lei haar in liefde.

Ten slotte kan nog net die volgende kenmerk van die huwelik *genoem word* (Spier, 1950: 193): die huwelik is nie 'n gesin nie, dog tussen die huwe=

liksgemeenskap en die gesinsverband bestaan daar 'n enkaptiese vervlegting.

** Dooyeweerd: die struktuur van die staatsverband

Die huisgesin en die skool is samelewingsverbande wat in 'n bepaalde ver=band staan met die staat, enkapties vervleg dog elkeen behou sy soewerei=niteit in eie kring. Die struktuur van die staat moet kortliks nagegaan word sodat vasgestel kan word, vir die samelewingsteoretiese model van hierdie navorsing, wat die rol van die staat is in sy verhouding tussen die ouerhuis en die skool. Daar moet ook gekyk word of die staat oorkoe=pelende gesag het, soos die ou Grieke beweer het, en of die staat soos die gesin, skool en kerk 'n eie kompetensieterrein het, sowel as interverbande=like take. (Dooyeweerd III, 1969: 379-465, Spier, 1950: 197e.v. en Van Riessen, 1963: 98-101).

Die staat vind in die historiese modaliteit sy funderingsfunksie terwyl sy bestemmingsfunksie in die juridiese modaliteit geleë is. Die historiese magsvorming van die staat word getipeer deur die gebruikmaking van die swaard oor 'n terretoriale kultuurgebied. (Spier, 1950: 203). Die interne bestemmingsfunksie behels die handhawing van reg en onreg. Die handhawing van orde moet so geskied dat mag en reg in ewewig funksioneer. Die beginsel van soewereiniteit in eie kring geld ook vir die staat, want die kerk handhaaf sy eie reg onder leiding van die pistiese modaliteit, die gesin onder leiding van die etiese en die skool onder leiding van die logies-analitiese. (Van der Walt en Dekker, 1983: 97). Die staat mag dus nie ander samelewingsverbande oorheers deur die betreding van hulle bevoegd=heidsterreine nie.

** Die struktuur van die kerk

Ouers en onderwysers is lede van die kerk; daarom staan die ouerhuis en die skool nie los van die kerk nie. Ook hier, net soos in die geval van die staat, moet vasgestel word wat die struktuurbeginsels van die kerk is, want daaruit kan ook sy bevoegdheidsterrein afgelei word. Die kerk mag nie, soos die Rooms-Katolieke kerk in die Middeleeue gedoen het, alle ander samelewingsverbande oorheers nie, want dan word die beginsel van soe=wereiniteit in eie kring oortree.

Die kerk se struktuur - kwalifiserende funksie is die pistiese modaliteits=funksie. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat al die ander sa=

melewingstrukture ook in hierdie modaliteit (die pistiese) funksioneer, maar nie deur hierdie funksie gekwalifiseer word nie. (Dooyeweerd III, 1969: 526).

Die kerk het sy funderingsfunksie in die kultuur-historiese modaliteits= funksie. Tog verskil die kerk en staat se funderingsfunksie, want " ... is de historische machtsorganisatie van de staat getypeerd als zwaardmacht, die van de kerk behoort als geloofsmacht gekarakteriseerd te zijn" (Kals= beek, 1970: 241) of "faith-power", soos Dooyeweerd (1969 I: 537) dit self bestempel het. Die tydelike kerkverband is dus gefundeer in die historiese mag van Christus as vleesgeworde Woord wat sy kerk verordineer het. (Dooyeweerd I, 1969: 538).

Die gesagstruktuur van die kerk is pisties gekwalifiseer - om sodoende te dien in geloofsvastheid, soos Christus gekom het om te dien.

Dooyeweerd se struktuuranalise van die kerk toon duidelik dat die kerk 'n unieke samelewingsverband is met sy eie kompetensieterrein, maar dat sy lidmate ook hulle dankbaarheidsdade oral en altyd moet uitleef.

** Dooyeweerd se filosofie en die samelewingsteoretiese model (Hoofstuk 3)

- Dooyeweerd se Wysbegeerte van die Wetsidee vestig die aandag op God as die soewereine, almagtige Skepper van hemel en aarde. God het die mens aangestel as heerser oor sy skepping. Die mens is geroepe om God se wette te deurvors, om die wetsonderdane te ken en te beheers en om God as maker van die wet te eer.

- Dooyeweerd se ontdekking van die vier struktuurmomente van die werklik= heid verruim die opvoedkundige se blik op die wese van die werklikheid.

- So kan, op grond van die kennis van die strukture van die kosmos, die verskillende samelewingsverbande onderskei word ten opsigte van hulle elkeen se unieke bouplan wat weer elkeen se taak omlyn.

- Dooyeweerd se verfyning van die beginsels van soewereiniteit in eie kring en universaliteit in eie kring, is van groot betekenis. Hierdie beskouing besweer die dualistiese denke van die ou Griekse filosowe en stel die Skrifperspektief van eenheid in verskeidenheid in die plek daarvan.

2.2.5.2.7 D. H.T. Vollenhoven (1892- )

By die behandeling van Vollenhoven se God-, werklikheids- en samelewingsbeskou= ing sal slegs gelet word op nuwe gesigspunte wat hy na vore bring. Sy beskou= inge, net soos dié van Taljaard, Van Wyk, Schoeman, Strauss, Van der Walt en selfs Stoker en Duvenage wat verderaan behandel word, slaan sterk op die reeds behandelde Dooyeweerdiaanse sieninge van genoemde sake. (Vgl. paragraaf 2.2.5.2.5).

Vollenhoven word in sy filosofiese standpunte gerig deur die religieuse grond= motief van skepping, sondeval en verlossing in gemeenskap met die Heilige Gees. Sy samelewingsteorie gaan uit van die grondslag dat die mens se aanvaarding van die take of funksies van menslike samelewingsverbande "die al of nie gehoorsame uitvoering van 'n taak wat deur God aan die menslike geslag van alle eeue op= gelê en toevertrou is, sodat ook by die uitvoering daarvan die rigting van die hart beslissend is" (Vollenhoven, 1953: 48). Die wet van God, veral die tweede tafel van die Tien Gebooie wat die mens in sy verhouding tot sy medemens raak, beslis oor wat goed en kwaad is in die samelewingsverbande in hulle interne funksionering en eksterne verhoudinge.

Vollenhoven (1953: 44) toon aan dat al die gemeenskapsverbande van mekaar ver= skil, al is almal se funderingsfunksie volgens hom die historiese modaliteit. Die verskille lê, volgens Vollenhoven, in die feit dat die bestemmingsfunksies (prevalerende funksies) van samelewingsverbande nie dieselfde is nie.

Oor die gesin en die skool het Vollenhoven tot belangrike bevindinge gekom en vir die samelewingsteoretiese model (vergelyk Hoofstuk 3) is 'n saaklike besin= ning daaroor essensieel. Opvoeding is volgens Vollenhoven (1953: 46-47) primêr die taak van die gesin wat sy prevalerende funksie in die etiese modali= teit het. Sekondêr word die ouers bygestaan deur ouer broers en susters en later die kerk en die staat se opvoeding. Laasgenoemde verbande neem egter nie die ouerlike opvoeding oor nie.

Vir die onderwys van die kind word die gesin bygestaan deur die skool. Maar ook die skool, soos die kerk en die staat, "as dit goed is, wat self die re= sultaat van baie ouers is, kan die gesin nie vervang nie maar moet die opvoe= ding van die kinders deur die gesinsverband verlig en steun" (Vollenhoven, 1953: 47). Die beginsel van soewereiniteit in eie kring is vir die skool baie be= langrik; dit raak die selfstandigheid van die skool teenoor die ander "susters=

verbande", sowel as die doel van die werk wat deur die skool verrig word, want " ... onderwys immers beoog primêr die skerping van die onderskeidings= vermoë en die bybringing van onderskeidinge" (Vollenhoven, 1953: 47). By implikasie dui Vollenhoven dus die logies-analitiese modaliteitsfunksie as die kwalifiseringsfunksie van die skool aan - dit het kardinale betekenis vir die afbakening van die bevoegdheidsterreine van die gesin (waarby die ouers inbe= gryp is) teenoor die van die skool (waarby die onderwyser inbegryp is).

Ten slotte kan vermeld word dat Vollenhoven (1953:47) die noodsaaklikheid van hartlike samewerking benadruk, want al die samelewingsverbande het onder meer ten doel die bloei van verskillende onderdele van dieselfde menselewe. Soda= nige hartlike samewerking moet veral aan die volgende vereistes voldoen:

* Elke verband moet sy eie taak nakom.
* Die verskillende verbande moet mekaar se take erken en eerbiedig. Die kerk het byvoorbeeld nie sy bestaan te danke aan die skool, of die gesin aan die staat nie, elke verband is soewerein en die verbande is onherleibaar.
* Indien die een verband die ander oorheers of wil oorheers, soos die Rooms-Katolieke Kerk in die Middeleeue die staat oorheers het, moet die bedreigde verband "hom teen die aanmatiging van die ander met alle geoorloofde middele verset" (Vollenhoven, 1953: 47).

Vir die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3) is in Vollenhoven se same= lewingsteorie die volgende van belang:

- Hy word in sy denke gerig deur die suiwere reformatoriese grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur die genadewerking van die Heilige Gees.
- Veral die prevalerende funksies van samelewingsverbande bepaal elkeen se kompetensieterrein.
- Die gesin is die primêre opvoedingsinstansie.
- Die skool - as sekondêre opvoedingsinstansie het hoofsaaklik ten doel om die onderskeidingsvermoë van leerlinge te ontsluit.
- Samelewingsverbande mag nie mekaar se terreine betree nie. Indien oorheer= sing 'n gevaar word vir 'n bepaalde samelewingsverband, mag die betrokke ver= verband hom "met alle geoorloofde middele" teen sodanige oorheersing verset.

- Ouerhuis en skool moet by mekaar aansluit in die opvoeding van die kind.

2.2.5.2.8 J.A.L. Taljaard (1915 - )

In die behandeling van Taljaard se bydrae ten opsigte van veral sy samelewings= beskouing, sal 'n volledige uiteensetting en bespreking van sy siening van die skool en die verhoudinge van die skool met die gesin, die staat en die kerk ge= gee word.

Taljaard grond sy samelewingsbeskouing anastaties op die Bybel as die geopen= baarde Woord van God, want hy beweer (1963: 75): "Die religieuse gemeenskaps= motief van die Christendom moet al ons werke hier op aarde besiel, ook ons ar= beid in die maatskapsverhoudinge wat as sodanig nie sondig is nie, maar gegrond is in die goddelike orde vir die tydelike samelewing wat 'n ewewig wil bewerk= stellig tussen gemeenskap en maatskap, gebondenheid en vryheid." Die diepere eenheid van al die samelewingsverhoudinge lê in die wortelgemeenskap in Chris= tus. Die een tydelike samelewingsverband kan nie die ander oorheers nie, almal is gelykwaardig. Samelewingsverbande kan volgens elkeen se struktuurbeginsel (hier huldig Taljaard dieselfde standpunt as Dooyeweerd) onderskei word, dog nooit geheel en al van mekaar geskei word nie, want daar is 'n onderlinge in= tieme enkaptiese vervlegting wat samehang verseker.

Oor die gesin poneer Taljaard (1963: 90e.v.) dat diê verband in die biotiese modaliteitsfunksie gefundeer is en in die etiese sy bestemming vind. Die struk= tuurwet van die gesin is nie deur die sonde aangetas nie, net die subjekskant daarvan (dit wat die sondige mens daarmee maak). Die verwerkliking van verhou= dinge binne die gesin, die gesagstruktuur en die ontsluiting van al die moda= liteitsfunksies vind onder leiding van die etiese synswyse en op die biotiese gefundeer plaas. (Vgl. Dooyeweerd oor die gesin, paragraaf 2.2.5.2.5).

Taljaard gee 'n omvattende uiteensetting van die skool as samelewingsverband, en vir die uiteindelike bepaling van die samelewingsteoretiese model is dit nodig om indringend en krities te kyk na sy ontleding van die skoolstruktuur asook na die verhoudinge van die skool met die gesin, die staat en die kerk. Eer= stens word Taljaard se siening van die skool as unieke samelewingsverband be= handel.

Die skool "is 'n eiesoortige, in die tydelike werklikheid gedifferensieerde, Godgewilde samelewingsverband met 'n eie taak en terrein wat verskil van enige

ander samelewingsverband en waaroor geen ander samelewingsverband mag heers deur aan die skool as skool wette voor te skryf van watter aard ook al nie" (Taljaard, 1963: 76; Taljaard, 1976: 244). Die eiesoortigheid (differensiasie of verskeidenheid) is volgens Taljaard 'n Skrifwaarheid en slegs hieruit vloei die reformatoriese beginsel van soewereiniteit in eie kring voort. Die skool is verder nie 'n institutêre samelewingsverband soos die kerk en die staat nie (Kalsbeek, 1970: 198-205) en ook nie 'n natuurlike gemeenskap soos die huisge= sin of familie nie. God het die skool ook nie direk ingestel met die skepping van hemel en aarde soos die huwelik nie, tôg "dra die skool 'n Goddelike karak= ter en het dit met die ontplooiing van die Raadsplan van God in die skepping tot stand gekom" (Taljaard, 1963: 76; Taljaard, 1976: 245). Mense vorm die skool en mense is bo-tydelik - hulle het die ewigheid in hulle harte, aldus Taljaard. Met hierdie uiteensetting kan akkoord gegaan word, net met die kwalifikasie daarby dat die mens as ewigheidswese in diens van God staan, ook met die in-aansyn-roep van die skool.

Volgens Taljaard (1976: 243-245) is die skool 'n georganiseerde gemeenskap met 'n tipies onderriggewende karakter. Die skool word histories gevorm deur die onderrigverlangendes (onderwysvereniging waarby die ouers ingesluit word), die onderriggewers (onderwyserskorps) en die onderrigontvangendes (leerlinge). Net soos in die huis, vind daar ook in die skool opvoeding plaas, maar hierdie op= voeding is net so eiesoortig soos die skool en verskil derhalwe van op= voeding wat deur ander samelewingsverbande soos die kerk, die staat en die huis= gesin gegee word. Taljaard (1963: 77) beweer dat die skool en die gesin se opvoeding by mekaar moet aansluit, aangesien beide se kwalifiseringsfunksie die etiese is. Dit is opvallend dat Taljaard homself hier weerspreek, want vroeër in hierdie paragraaf is aangetoon dat hy die skool as 'n tipies onderriggewende (dus logies-analities bepaalde) gemeenskap bestempel, terwyl hy nou probeer aantoon dat die skool eties gekwalifiseer is. Hy grond laasgenoemde argument van hom op die feit dat daar eerstens 'n besondere band van kameraadskap tussen leerlinge bestaan; tweedens 'n band van gehegtheid tussen leerlinge en onder= wysers, en derdens 'n band van getroue en harmoniese samewerking tussen die on= derwysers en die "uitvoerende gesagsdraers van die Vereniging" (Taljaard, 1963: 78) bestaan.

Met hierdie motivering van sy standpunt ontstaan die volgende vraag: sou die= selfde argument nie ook vir die staat en die kerk kon geld nie, want in die staat is daar besondere verhoudinge tussen owerheid en onderdane (terwyl die staat juridies gekwalifiseerd is) en in die kerk moet die predikant, kerkraad

en lidmate immers ook lojaal in hulle verhouding jeens mekaar wees. Die kerk se kwalifiseringsfunksie is immers die pistiese. Die etiese kan dus nie die onderskeidende kwalifiseringsfunksie van die skool wees nie.

Waar Taljaard (1963: 95) die verhouding van die huisgesin tot die skool be= spreek, is sy vertrekpunt suiwer, want hy toon aan dat die gesin met sy funde= ringsfunksie in die biotiese, 'n besondere band het wat die mense van die gesin tot 'n hegte natuurlike gemeenskap saambind. Hierdie gesinsverband vertoon 'n onherleibare karakter van kind-ouer- en ouer-kindverhouding. "Daarom kan die skool ook nooit 'n verlengstuk van die huisgesin wees nie en die onderwyser nooit 'n plaasvervanger van die ouer wees nie." (Taljaard, 1963: 95). Sy ver= dere presisering van die verhouding ouerhuis-skool is ook korrek, want na sy mening kan daar tussen diê twee samelewingsverbande slegs 'n interverbandsver= houding bestaan, omdat die huisgesin nie aan die skool kan voorskryf nie en ook nie andersom nie. Ten opsigte van die karakter (die gees en rigting) van die skool kan die ouerhuis hom vergewis daarvan dat dit in ooreenstemming met diê van die ouerhuis is. Ouers kan hulle kinders stuur na diê skool wat in sy gees en rigting aansluit by hulle huislike opvoeding. (Taljaard, 1976: 248).

Waar Taljaard handel oor die staat, stem sy siening van die struktuur van die staat ooreen met diê van Dooyeweerd (vgl. paragraaf 2.2.5.2.5) en op grond van hierdie struktuuranalise behoort die staat-onderwysverhouding volgens Taljaard (1963: 101-105) die volgende beginsels te eerbiedig:

* Die skool moet die landswette eerbiedig, so ook moet alle ander samelewings= verbande die landswette gehoorsaam.

* Die staat promulgeer landswette en sien (geregtelik) toe dat diê wette ge= hoorsaam word.

* Die staat is 'n publieke regsgemeenskap en dit stel grense aan sy bevoegd= hede. Volgens Taljaard (1963: 101-105) is die staat een van die organe van die liggaam van Christus. Die owerheid het gesag oor sy burgers (wat ouers en onderwysers insluit) en hulle burgerskap. Die staat, die ouerhuis en die skool is almal deel van die liggaam van Christus wat in harmonie met mekaar moet bestaan en funksioneer.

* Steeds moet die beginsels van universele vervlegting en soewereiniteit in eie kring deur die staat en die skool en alle verbande eerbiedig word.

Oor die kerk skryf Taljaard (1963: 108) dat die kerk saam met ander samelewings=verbande "hulle gesamentlike Koning (moet) dien op die wyse wat deur Hom be=paal is". Die kerk neem, aldus Taljaard, wel die sentrale plek in: die kerk het die goddelike opdrag om die Woord van God aan alle kreature te verkondig. As die kerk nie meer die openbaring van die liggaam van Christus is nie, hou die kerk op om te bestaan. 'n Gesin, 'n skool en 'n staat kan nog gesin, skool en staat bly, al is die lede daarvan nie Christene nie; die kerk se posisie is heel anders, want hy gaan sonder Christus tot niet. Net soos vir Dooyeweerd is die funderingsfunksie van die kerk vir Taljaard die historiese, terwyl die bestemmingsfunksie die pistiese is.

Die kerk mag nie die ander samelewingsverbande oorheers nie, maar mag wel deur sy lidmate 'n vermanende woord tot die ander samelewingsverbande, waaraan die lidmate behoort, rig. Taljaard (1963: 115) stel dit duidelik wat die verhou=ding van die kerk tot die skool is: "Maar net soos die kerk 'n vermanende woord tot die staatsowerheid kan rig via sy betrokke deputate, so kan die kerk ook 'n vermanende woord tot die skooloutoriteite rig, plaaslik via sy kerkraad en in ruimer verband via die betrokke deputate vir onderwys van sy sinodes". Dit bly egter van groot belang dat die verhouding van die kerk tot die skool inter=verbandelik moet wees en dat alle skakeling op "verbandsniveau" (Taljaard, 1963: 116) plaasvind. Op hierdie gronde verwerp Taljaard sogenaamde kerk-, staat- en gesinskole.

Die volgende kernaspekte vir die samelewingsteoretiese model (vgl. paragraaf 2.2.1) kom uit Taljaard se samelewingsteorie na vore:

* Hy formuleer 'n anastatiese samelewingsbeskouing, gegrond op Gods Woord, want vir hom lê die diepere eenheid van al die samelewingsverbande in die wortelgemeenskap in Christus - vir Christengelowiges 'n aanvaarbare stelling.

* Sy struktuuranalise van die huisgesin stem ooreen met diê van Dooyeweerd.

* Die skool as onderriggewende instansie word raakgesien.

* Die verhouding tussen die gesin en die skool word duidelik beskrywe, veral waar die argumente gebou word op die onderskeie funderingsfunksies, naamlik die biotiese by die gesin en die historiese by die skool.

* Die staat mag ook nie sy bevoegdheidsterrein, wat deur die juridiese begrens word, in sy bemoeienis met die skool oorskrei nie.

* Die kerk kan deur sy lidmate (onder andere ouers en onderwysers) sy Chris= telike roeping in alle samelewingsverbande uitleef.

2.2.5.2.9 D.F.M. Strauss (1946- )

Strauss (1978: 187e.v.) se beskouing oor samelewingsverbande stem in hoofsaak ooreen met die samelewingsteorie van Dooyeweerd. Ten opsigte van die huwelik, gesin, skool en universiteit kom egter nuwe gesigspunte by wat van belang is vir die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3); daarom word Strauss se beskouinge in hierdie verband gegee.

Volgens Strauss (1978(b): 267e.v.) is die huwelik deur God van skeppingsweë verordineer as 'n twee-eenheidsgemeenskap van liefde vir die duur van die huwe= liksmaats se lewe. Strauss sien die funderingsfunksie van die huwelik in die biotiese bestaanswyse, terwyl die bestemming van die huwelik in die liefdesge= meenskap (die etiese modaliteit) geleë is. Met hierdie funderingsfunksie vir die huwelik, naamlik die biotiese, ontstaan die volgende vraag: wat dan van die huwelik waar een van die huweliksmaats as gevolg van 'n ramp of siekte nie meer tot seksuele gemeenskap in staat is nie - die huwelik kan tog steeds voort= bestaan, ten spyte van bogenoemde gebrek. Die funderingsfunksie lê dus eerder in die kultuurvormingsmag (historiese modaliteitsfunksie) van die mens, want twee mense sluit 'n huweliksband of tree in die huwelik en vorm sodoende 'n samelewingsverband.

Strauss meen verder dat die struktuur van die huwelik nie opgehef word met die geboorte van kinders nie; die huwelik en gesin is enkapties vervleg met mekaar. Die vader en die moeder staan gesamentlik in die ouer-amp in die gesin en pas hulle gesag gerugsteun deur liefde toe. "Die *veelheid* gesinsgenote *funksio= neer* steeds as 'n eenheid na *binne* en na *buite* in interverhoudinge". (Strauss, 1978: 276).

Die gesin is 'n geheel of totaliteit met 'n eie lewensruimte, byvoorbeeld 'n huis. Van elke gesinsgenoot word 'n energie-inset verwag, so moet die vader as brood= winner sy dagtaak verrig, die moeder neem verantwoordelikheid vir die versorgen= de voedende aspek (huishouding) en elke kind moet sy bepaalde bydrae (soos deur vader en moeder gereël) lewer.

Die funderingsfunksie van die gesin is die biotiese en die bestemmingsfunksie die etiese bestaanswyse. Elke individuele gesin het 'n eie lewenstyl en 'n eie

geskiedenis wat inhou dat elke gesinslid hom identifiseer met 'n gesinsnaam.

Waar die ouerhuis en die skool opvoed, moet die opvoeder volgens Strauss (1978: 310) weet dat "opvoeding 'n gedifferensieerde aktstrukturele stempel (besit), wat uit hoofde van die normatiewe variasierykdom daarvan in sigself ongekwalifiseerd is". In die skool en universiteit word onderwysend opgevoed maar ook opvoedend onderwys. Gesinsopvoeding is eties gekwalifiseerd, kerk=opvoeding is pisties gekwalifiseerd, terwyl skool- of universiteitsopvoeding logies- analities gekwalifiseerd is. Volgens Strauss (1978: 314) is die universiteit (daarom ook die skool) histories gefundeer en logies-analities ge=kwalifiseer. Om diê rede is 'n struktuurontleding van die skool as soewereine samelewingsverband nodig wat laasgenoemde samelewingsverband duidelik onder=skei van ander samelewingsverbande. Op grond van Strauss se struktuurontle=ding kan 'n noukeuriger afbakening van die bevoegdheidsterreine van die ouer=huis en die skool gemaak word.

Vir die samelewingsteoretiese model (vgl. paragraaf 2.2.1) is die volgende aspekte van Strauss se samelewingsteorie van belang:

* Net soos Dooyeweerd is Strauss se siening begelei deur Skrifperspektiewe.

* Huwelik en gesin is deur God verordineer en vorm saam 'n enkaptiese vervleg=tingseenheid.

* Elke gesin het 'n eie stempel en die gesinsgenote werk saam om die Christe=like huwelik in stand te hou en te bou.

* Die gesin en die skool se kwalifiseringsfunksies verskil en dit dui op 'n duidelike onderskeid ten opsigte van elkeen se kompetensieterrein.

* Strauss se heldere uiteensetting van die struktuurwette wat onderskeidelik vir die huwelik, gesin en skool geld, maak dit moontlik om die kontakareas en samewerkingsmoontlikhede tussen ouers en onderwysers duideliker af te baken en aan te toon.

2.2.5.2.10 H.G. Stoker (1899-    )

Stoker (1961: 171) onderskei slegs twaalf modaliteite, waarop nie in besonder=hede ingegaan word nie, maar wat wel van belang vir hierdie navorsing is, is dat hy drie hoofkategorieë samelewingsverbande onderskei, naamlik:

* Primêre kringe: die huwelik, gesin, volk, staat en die kerk as instituut.

* Sekondêre kringe: die skool, fabrieke, hospitale, kunstenaarsverenigings, politieke partye, skaakklubs, en so meer.

* Losse verbande: vriendekringe en buurskappe.

Die mens is lid van baie kringe, byvoorbeeld "die samelewingskringe ontmoet mekaar (is vervleg) in die betrokke menslike persoon" (Stoker, 1961: 173).

Vir Stoker (1961: 174) bring die erkenning van die beginsel van onderskeid en samehang van individuele en sosiale strukture mee dat teorieë wat die sosiale primêr stel (sosialisme en totalitarisme) of die individuele primêr stel (in=dividualisme en liberalisme) verwerp moet word as ongebalanseerd en verabsolu=terings van enkele fasette van die werklikheidseienskappe van die mens en same=lewingsverbande.

Met Stoker (1961: 174) se beskouing dat die skool twee leidende funksies het, kan nie akkoord gegaan word nie. Volgens hom het die skool 'n logiese (vorming van kennis) sowel as 'n etiese (vorming van 'n sedelike karakter) bestemmings=funksie. Om dieselfde redes wat by Taljaard (vgl. paragraaf 2.2.5.2.7) aange=voer is, word hierdie standpunt van Stoker afgewys.

Van belang vir die samelewingsteoretiese model is die feit dat Stoker verskil=lende samelewingsverbande onderskei, maar dat hy dit benadruk dat in een mens die samelewingskringe mekaar ontmoet.

2.2.5.2.11 B. Duvenage (1925- )

Duvenage (1983: 172-175) se samelewingsteorie, begelei deur Skrifperspektiewe behels kortliks die volgende:

* Die koningsheerskappy van God impliseer dat geeneen van die samelewingsver=bande oorkoepelende gesag oor die ander verbande mag uitoefen nie.

* Die strydkarakter in die samelewing is 'n verdere implikasie van die konin=kryksgedagte, want in elke samelewingsverband moet die gelowige lede stry teen die sonde, teen roepingsverydeling wat dreig om Gods Koninkryk af te breek (Satan se mag).

* Die wet van God se Koninkryk is die liefdeswet wat in die samelewingsver= bande die gestalte van geregtigheid kry. In elke verband behoort geregtig= heid en liefde hand aan hand te gaan. Elke gesagsdraer van elke verband moet sy gesag sô uitoefen dat hy in verantwoordelikheid rekenskap van sy gesagsuitoefening aan God, die oorsprong van alle gesag, kan gee.

* Al bogenoemde grondnorme geld vir alle samelewingsverbande, naamlik dié van Christengelowiges sowel as heidene: "God se heerskappy is nie afhank= lik van die erkenning deur die mens nie" (Duvenage, 1983: 173). God wil dat sy Wet erken en bely word, elke verband kan dit op sy eie wyse doen.

Duvenage se onderskeiding tussen samelewingsverbande word deur Skrifperspek= tiewe begelei, want hy toon drie kategorieë aan, naamlik skeppingstrukture wat deur God met die skepping ingestel is, byvoorbeeld die huwelik en die gesin. Tweedens onderskei hy voorsienigheidstrukture wat met die verloop van die wêreldgeskiedenis met die voorsienige raad van God tot stand gekom het, by= voorbeeld die volk en die staat (moontlik kan die skool hier bygevoeg word?). Derdens bestempel hy die kerk as 'n verlossingstruktuur.

Duvenage (1983: 174) wys verder daarop dat menslike samelewingsverbande voor= lopig is. Die Calvinis het 'n "binnewêreldse askese" - hy moet sy roeping in elke verband gesamentlik en afsonderlik uitleef in diens van God en sy Ko= ninkryk.

Die besondere klem wat Duvenage op Skrifkennis en Skrifperspektiewe lê in die besinning oor samelewingsverbande, bevestig die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur die genadewerking van die Heilige Gees wat by al die reformatoriese denkers aangetoon is. Sy siening noop die Chris= telike wetenskapper om opnuut, ook in sy beskouing oor die kontak tussen ouer en onderwyser, vas te stel watter lig die Skrif deur middel van riglyne en perspektiewe op die navorsingsprobleem werp. Sy standpunt kom daarop neer dat die mens dienskneg van die soewereine Drie-enige God is, wat uit dankbaarheid ook in sy samelewingsverbande God en sy naaste moet dien.

2.2.5.2.12 J.H. van Wyk (1925-1976)

Van Wyk (1970: 3e.v. en 1976: 1-40) is ook 'n navolger van Dooyeweerd, want sy samelewingsteorie is gebou op die grondslae soos vasgestel deur Dooyeweerd. (Vgl. paragraaf 2.2.5.2.6). Net soos Taljaard (vgl. paragraaf 2.2.5.2.7) be=

weer Van Wyk dat die bestemmingsfunksie van die skool in die etiese modaliteits= aspek setel. Dieselfde besware wat teen Taljaard se beskouing gemaak is, geld ook vir die standpunt van Van Wyk. (Vgl. paragraaf 2.2.5.2.8).

Oor die drie partye wat by die skool betrokke is, is Van Wyk (1970: 12) se uiteensetting aanvaarbaar. Ouers moet seggenskap hê oor die gees en die rig= ting van die opvoedende onderwys in hulle verbondskinders se skole. Hy bepleit verder veral die verteenwoordiging van ouers deur ouerliggame en -verenigings tot op die hoogste owerheidsvlak.

Die onderwyserskorps, as tweede party, het hulle eie taak en terrein, naamlik die onderrig van die leerlinge. Die onderrigtaak van onderwysers sluit in dat die onderwysers op grond van hulle professionele bevoegdheid gesag mag handhaaf op die onderrigterrein.

Die leerlinge as derde party is die onderrigontvangers en onmondig, en behalwe die band van onderlinge kameraadskap is hulle aan die onderwyser gebind met 'n etiese band van trou en lojaliteit. Hier raak Van Wyk, net soos Taljaard, weer die spoor effe byster, want op grond van hierdie etiese getrouheidsband wil hy die bestemmingsfunksie van die skool as die etiese aantoon. Van bete= kenis vir die sleutel van hierdie navorsing is sy sienswyse dat die huis en die skool ten nouste moet saamwerk, want hulle werk met dieselfde kinders.

Volgens Van Wyk (1970: 10) het die kerk 'n eiesoortige belang by die opvoeding van sy dooplidmate, daarom lê verbondsouers die doopbelofte af, wat insluit dat alle opvoedende onderwys van verbondskinders in ooreenstemming met die bely= dende lidmate (onder wie die ouers) se belydenis moet wees.

Uit Van Wyk[1)] se bydrae kan die volgende sake uitgesonder word by die inagne= ming van die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3):

* Ouerseggenskap in opvoedende onderwys moet strek vanaf die plaaslike tot op die hoogste owerheidsvlak.

---

1) Daar is nog etlike ander reformatoriese opvoedkundiges wat bydraes gelewer het wat verband hou met die samelewingsteoretiese model waarna daar in hierdie ondersoek gesoek word. Aangesien hulle bevindinge sover vasgestel kon word, in hoofsaak ooreenstem met diê van die hedendaagse christelik-opvoedkundiges wat wel volledig in Hoofstuk 2 behandel word, word hier net na hulle verwys, naamlik onder meer A.H. de Graaf, B.C. Schutte en H.J.S. Stone.

* Die ouerhuis en skool het met dieselfde kinders te doen; daarom moet die grondslae en doeleindes van huislike en ouerlike opvoeding by mekaar aan= sluit, omdat opvoeding 'n eenheidshandeling is.

2.2.5.2.13 P.G. Schoeman (1935- )

Schoeman, 'n fundamenteel-opvoedkundige, bely in sy filosofies-opvoedkundige bydraes die almag van die Drie-enige God van die Heilige Skrif. Schoeman (1978(a): 113-128) gaan van die reformatoriese standpunt uit dat God afsonder= like dinge skape, elkeen met 'n onvervreembare wetmatigheid, tôg is sulke dinge nie selfgenoegsaam, outonoom nie, maar soewerein in eie kring binne hulle ver= vlegtingsverband met ander dinge. (Dooyeweerd, paragraaf 2.2.5.2.5). Ten op= sigte van die samelewingsverbande beteken dit vir Schoeman (1979: 106) dat geen enkele verband die grondnoemer van alle ander verbande kan wees nie. Die "eie gesag" van elke verband is steeds gesag onder God se wet. Om oorheersing van een verband oor 'n ander verband te voorkom, "moet verbande onderling die relatief-soewereine terreine van ander verbande erken en ook eerbiedig" (Schoe= man, 1979: 107). Selfstandigheid binne perke van eie bevoegdhede hang saam met die beginsel van die onverbreekbare samehang van alle kosmiese dinge (i.c. samelewingsverbande).

In die verdere uiteensetting van Schoeman (1979: 108e.v.), wat handel oor die verskillende samelewingsverbande, is veral sy siening van die ouerhuis en die skool vir die bepaling van die samelewingsteoretiese model van belang, want in beide gevalle kom nuwe gesigspunte by. Die huisgesin en die skool is die twee samelewingsverbande wat direk met opvoeding te make het. Die ouerhuis, kerk en staat se harmoniese samewerking in belang van opvoedende onderwys (in skole) berus op die onvoorwaardelike erkenning van die absolute en oorkoepelende soewereiniteit van God en op die erkenning van die relatief-soewereine terreine van die onderskeie samelewingsverbande.

Enkele gedagtes van Schoeman oor die struktuur van die skool en sy opvoedings= taak vereis nadere toeligting. Die skool is nie, soos die gesin, die oorsprong van die kind nie. Die skool is 'n nie-institutêre instelling van God. Alle skole vertoon onder alle omstandighede dieselfde bouplan of strukturele eien= skappe; daarom kan die skool ook op 'n relatief soewereine terrein aanspraak maak met eie bevoegdhede. Vanaf die grondlegging van die wêreld het God dit so beskik dat die mens tot skoolvorming of stigting sal oorgaan sodat 'n gespe= sialiseerde inrigting (die skool) die kind se talente en vermoëns en moontlik= hede tot diens van sy naaste en tot eer van God sal ontsluit.

Die skool behoort volgens Schoeman (1979: 112) nie aan die ouers nie want daar word onder andere in die skool 'n eiesoortige taak deur professionele opvoeders (opgeleide onderwysers) verrig, naamlik 'n opvoedende onderwystaak.

Tot hier is die uiteensetting van Schoeman, prinsipieel-besinnend beskou, ver= antwoord, maar sy struktuuranalise van die skool lewer probleme. Volgens Schoeman (1978(a): 118) vind die skool sy oorsprong (fundering) in die histo= riese sinsy van die werklikheid en sy *bestemming in die ontsluiting van die ganse normatiewe aktstruktuur.*

Klaarblyklik het Schoeman later (1979: 90) tot ander insigte gekom, want in sy werk *Aspekte van die wysgerige pedagogiek* wys hy daarop dat alhoewel die skool ook opvoed, die doelfunksie van die skool as instituut is die uitleiding (ook genoem die ontsluiting en normatiewe verdieping of ontluiking) van die logies-analitiese funksie van die opvoedeling: "simplisties gestel, 'n kind wat nie sy eksamen slaag nie, ervaar op skool geen sukses nie, al is hy ook andersyds hoe goed *opgevoed*" (Schoeman, 1979: 89). Hy bestempel die skool as onderwy= sende opvoedingsverband wat in die historiese modaliteit gefundeer is en in die logies-analitiese modaliteit gekwalifiseer is.

Oor die bydrae van Schoeman tot die samelewingsteoretiese sleutel van hierdie navorsingsopset, kan die volgende fasette van sy samelewingsteorie uitgesonder word:

* Hy is in sy denke suiwer reformatories.

* Die beginsels van eenheid en verskeidenheid, universaliteit en soewereini= teit in eie kring word baie skerp omlyn.

* Sy aanvanklike analise van die struktuur van die skool kan nie aanvaar word nie, want as diê (plastiese) kwalifiseringsfunksie van die skool (die ont= sluiting van die hele normatiewe aktstruktuur) sou geld, sou die verskil tussen die kompetensieterreine van die ouerhuis en die skool moeilik aan= toonbaar gewees het. Sy mees resente struktuurontleding van die skool is egter 'n belangrike bydrae tot die samelewingsteoretiese model. (Vgl. Hoof= stuk 3). Hierdie siening dat die skool gefundeer is in die historiese mo= daliteitsfunksie en gekwalifiseer is in die ontslote logies-analitiese mo= daliteitsfunksie onderskei die skool as samelewingsverband struktureel van die ouerhuis as samelewingsverband.

2.2.5.2.14 J.L. van der Walt (1942- )

Van der Walt, 'n navorser in die Fundamentele Opvoedkunde van die reformato= riese skool in die Republiek van Suid-Afrika, grond die meeste van sy bevindinge in verband met samelewingsverbande op die filosofiese model van Dooyeweerd (die Wysbegeerte van die Wetsidee). In drie van Van der Walt se werke (1982(a): 1972-1973; 1983: 87e.v. en 1983(c): 25-29) bepaal hy hom onder andere meer spesifiek by die verhouding wat daar tussen die ouerhuis en die skool behoort te bestaan. Sy siening van die kerk en staat stem in hoofsaak ooreen met die Dooyeweerdiaanse denkrigting en slegs die gedeeltes wat nuwe lig op die navor= singsprobleem werp, sal in hierdie paragraaf bespreek word.

Van der Walt en Dekker (1983: 87e.v.) wys daarop dat die ouerhuis, skool en kerk elkeen met die hele opvoeding van die kind te doen het, tôg "differen= sieer die opvoedingshandeling hom tipies ooreenkomstig die struktuur van die samelewingsverband waarbinne dit plaasvind".

Oor die kerk se opvoedingstaak is Van der Walt en Dekker (1983: 90) se siens= wyse die volgende: die kerk lei deur kategese die kinders (verbondsjeug) in die Skrifwaarhede om hulle te bring tot geloofsekerheid en -volwassenheid. Die opvoedende onderwys in die kerk word gekarakteriseer deur die bestemmingsfunk= sie van die kerk as samelewingsverband, naamlik die pistiese wetskring.
Die kerk is egter slegs een van die samelewingsverbande van die Koninkryk van God "en daarom gaan die lewe van die gelowige nie op in die kerklike diens al= leen nie" (Van der Walt en Dekker, 1983: 90).

Wanneer Van der Walt handel oor die opvoedingstaak van die ouerhuis, onderskei hy eerstens tussen die huwelik en die gesin (vgl. p.90). Die huwelik is ge= fundeer in die historiese funksie en word gekwalifiseer deur die etiese moda= liteit terwyl die gesin se funderingsfunksie die biotiese is en sy doelfunksie die etiese modaliteit is. Die bestemmingsfunksie van die gesin lê in die etiese modaliteitsfunksie. Hy onderskei verder 'n eksterne bestemming, naamlik mededienSbaarheid van die gesin aan die opvoeding van die kind tot staatsbur= ger, kerklidmaat, deelname aan die bedryfslewe, en so meer. Die interne doel= ordening van die gesin, as tweede onderskeibare komponent, het as bestemming die ontsluiting van die (etiese) liefde tussen gesinslede onderling. Volgens Van der Walt en Dekker (1983: 92) kan die skool nie die ouerhuis se opvoedings= taak oorneem nie, daarom is dit verkeerd om van die skool as 'n plaasvervangende ouerhuis of om van die onderwyser as 'n plaasvervangende ouer te praat.

Vanaf die mins gekompliseerde modaliteitsfunksie van die kind (die getalsmatige) tot by die mees gekompliseerde aspek van die bestaanswyse van die kind (die pistiese modaliteit) het ouers 'n opvoedingstaak, dog telkens staan die op= voeding onder leiding van die etiese aspek. (Van der Walt en Dekker, 1983: 92-95).

Die opvoedingstaak van die skool word, net soos in die geval van die ander samelewingsverbande,[1)] bepaal deur die unieke bouplan of struktuur van die be= paalde verband, in hierdie geval die skool. Die skool se funderingsfunksie is geleë in die historiese modaliteit (historiese kennismag) en sy bestemmings= funksie is die (ontslote) logies-analitiese aspek van die modale struktuurmo= ment van die werklikheid. Volgens Van der Walt en Dekker (1983: 97) "(is) die eerste en primêre taak van die skool die stigting van onderrigleersituasies waartydens en waarbinne die kultuur van die gemeenskap enersyds oorgedra word na die leerling, en andersyds kognitiewe (veral!), affektiewe en psigo-moto= riese vaardighede aan die leerlinge oorgedra word". Van der Walt kwalifiseer die taak van die skool verder deur die volgende riglyne:

* Die onderwysende taak van die skool word van sy opvoedende taak onderskei maar mag nooit daarvan losgemaak word nie.

* Die onderwyser in die skool is eers onderwyser en dan opvoeder.

* Onderwys is egter (gegrond op die ontsluiting van die normatiewe aktstruk= tuur van die leerling) ook opvoedend van aard. As dit nie die geval is nie, sal die kind eensydig logies-analities ontsluit word.

* Die onderrigsituasie is vir die Christenonderwyser "'n weg tot intensionele, doelbewuste en doelgerigte opvoeding" (Van der Walt en Dekker, 1983: 97).

* Die etiese funksie van die skool is van groot betekenis. Die etiese funksie is egter nie, soos die geval is by die ouerhuis, die kwalifiserende funksie van die skool nie. Waar die etiese as die bestemmingsfunksie van die skool aanvaar word (vgl. paragraaf 2.2.5.2.7, waar Taljaard bespreek word), gee dit juis aanleiding tot verwarring tussen die kompetensieterreine van die ouerhuis en die skool en lei tot stellings soos dat die skool 'n plaasvervang=

---

1) Die gesin is primêr ingestel op die liefdevolle versorging van die gesins= lede, die kerk se eerste taak is Woordverkondiging, terwyl die staat in die eerste plek daarop ingestel is om reg en orde te handhaaf. Al hierdie verbande het egter "ôôk 'n opvoedingstaak, wat van die hooftaak van elkeen te *onderskei* is maar nie te skei nie" (Van der Walt, 1982(a): 1972).

ende ouerhuis is of die onderwyser word verlaag tot 'n plaasvervangende (tweederangse!) ouer in plaas van 'n professionele onderriggewer.

* Die etiese funksie is vir die skool se opvoedende onderwys wel van die groot=ste belang, vandaar die feit dat die gees en die rigting van die skool in ooreenstemming met diê van die huis moet wees; daarom ook dat ouers toesig oor die lewensopvatlike karakter van die skool moet hou. "Die ouer se seg=genskap is dus *direk oor die gees en rigting* van die skool, maar *indirek oor die professionele aangeleenthede van* die onderwyser in die skool." (Van der Walt, 1983(c): 28).

* Die onderwyser en ouer is vennote; daarom mag die onderwyser die ouer nie ignoreer nie en mag die ouer hom nie aan die skool onttrek nie.

Ten slotte onderstreep Van der Walt (1982(a): 1972-1973) die feit dat in die verhouding tussen ouer en onderwyser, die ouer moet wêêt dat die onderwyser outonoom is in sy hantering van die onderrigleersituasie in die skool en as die ouer hierdie professionele werk van die onderwyser wil bevraagteken, mag dit slegs langs interverbandelike weg gedoen word (deur middel van beheerrade en ander ouerverteenwoordigende liggame) en nie op 'n persoonlike vlak nie.

Die bydrae van Van der Walt vir die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoof=stuk 3) skyn die volgende te wees:

- Hy bou die reformatoriese (Skrifgefundeerde) samelewingsteorie verder uit en verfyn veral die beskouing oor die unieke identiteitstrukture van die ouer=huis en die skool en verskaf sodoende riglyne vir die kompetensieterrein van elkeen.

- Die feit dat hy 'n verskil aantoon in die bestemmingsfunksies van die ouer=huis en die skool, bring die selfstandigheid van die onderwyser as profes=sionele opvoeder sterker na vore en laat min ruimte vir misverstand oor die onderskeie opvoedingstake van die ouerhuis en die skool.

- Die kerk en staat se onderskeie afgebakende deelname aan die opvoeding van die kind word aangetoon.

## 2.2.5.2.15 Gevolgtrekking

Uit die oorsigtelike bespreking van die samelewingsteorieë van 'n aantal ek= sponente van die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, deur die genadewerking van die Heilige Gees kom die volgende belangrike faset= te wat vir dié navorsing relevant is na vore:

* Skrifperspektiewe moet as grondslag in die besinning oor samelewingsverbande dien om dwalinge (soos dualisme, sosialisme, individualisme en dies meer) te ontmasker en 'n ware teorie oor samelewingskringe te formuleer.

* Die Drie-enige God van die Heilige Skrif is die skepper van die totale kosmos. Die mens as kroon van God se skepping moet heers oor die skepping; daarom ook oor die samelewingsverbande, sodat hy uiteindelik rekenskap van die uitvoering van sy kultuuropdrag aan God kan gee.

* Geen wetenskapsbeoefening en daarom ook geen opvoedkundebeoefening (en op= voeding) is neutraal nie, want die mens is 'n religieuse wese wat deur een of ander grondmotief voortgedryf word.

* God is die oorsprong van alle gesag en verleen gesag ook aan die mens en veral in sy samelewingsverbande.

* Opvoedkundiges moet van ander vakwetenskappe se hulp gebruik maak in hulle navorsing oor samelewingsverbande. So byvoorbeeld kan van die Sosiologie en Psigologie gebruik gemaak word wanneer van die wetenskappe se bevindinge lig werp op die ontwikkelingstadia van die kind en die betekenis daarvan vir opvoeding.

* Dooyeweerd se Wysbegeerte van die Wetsidee, wat Skrifgefundeer is (vgl. paragraaf 2.2.5.2.7), verskaf belangrike riglyne vir hierdie navorsing. Dooyeweerd se sienswyse oor die vier struktuurmomente van die werklikheid waaronder die modale struktuurmoment van die werklikheid vorm duidelik 'n belangrike faset van die samelewingsteoretiese model waarna in hierdie hoof= stuk gesoek is (vgl. paragraaf 2.2.1), want uit sy formulering van die vyf= tien modaliteite kan die identiteitstrukture van die verskillende samele= wingsverbande verklaar word (vgl. paragraaf 2.2.5.2.7). Die eventuele pre= sisering van die struktuur van elke samelewingsverband hou verder die moont= likheid in dat die onderskeie kompetensieterreine van elke samelewingsverband (veral dan dié van die ouerhuis en skool) noukeurig afgebaken kan word.

Hierdie afbekeningsfaset van die samelewingsteoretiese model aan die hand waarvan ouer-onderwyserkontak fundamenteel-opvoedkundig gepresiseer kan word, kom bevredigend en prinsipieel begrond na vore in Dooyeweerd se teorie. Elke filosoof en opvoedkundige vanaf A.Kuijper tot by J.L. van der Walt (vgl. paragrawe 2.2.5.2.2 tot 2.2.5.2.14) het wel bydraes gelewer wat lig op die samelewingsteoretiese model gewerp het, maar die instrumentarium wat in Dooyeweerd se samelewingsteorie beskikbaar gestel word, blyk van besondere betekenis te wees vir die bepaling van die same= lewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3).

* Die beginsels van eenheid en verskeidenheid, vervlegting en diversiteit, soewereiniteit in eie kring, universaliteit in eie kring en differensiasie in die kosmos geld ook vir die ouerhuis en die skool en sal in Hoofstuk 3 uitgangspunte vorm vir die model vir ouer-onderwyserkontak.

* Die ouerhuis is die primêre opvoedingsinstansie.

* Die sekondêre opvoeding van die skool moet aansluit by die gees en rigting van die ouerhuis se primêre opvoeding.

* Die ouer en die onderwyser moet as eenheid (met elk 'n eie onderskeie en ge= samentlike opvoedingstaak) saamwerk in die opvoeding van die kind.

* Die kind is vanweë sy skeppingsaard 'n opvoedingsbehoeftige.

* Die gesin het as primêre opvoedingsinstansie die hele opvoeding van die kind (onder leiding van die etiese) ten doel, terwyl skoolse opvoedende onderwys onder leiding van die logies-analitiese modaliteit plaasvind.

* Veral vier samelewingsverbande het in 'n mindere of meerdere mate, direk of indirek met die opvoeding van kinders te doen, naamlik die ouerhuis, skool, kerk en staat (vgl. paragraaf 2.2.5.2.14). Elkeen se bepaalde op= voedingsbedrywigheid word egter deur sy besondere unieke bouplan af struk= tuur bepaal.

* Ouerseggenskap aangaande die bepaling van die gees en rigting van opvoe= dende onderwys moet vanaf die plaaslike tot op die hoogste owerheidsvlak strek (Van der Walt, 1982(a): 1972-1973).

## 2.3 Samevatting

Uit die oorsig tot dusver is dit duidelik dat die oorwegend apostatiese of dualistiese beskouinge oor samelewingsverbande soos behandel in paragrawe 2.2.2 tot en met 2.2.4 afgewys moet word op grond van die (soms onbewustelike soos in die geval van die ou Grieke) verwerping van Skrifgefundeerde grond= slae soos onder andere aangetoon in paragraaf 2.2.5.2.14.

Die anastatiese beskouinge soos behandel in paragraaf 2.2.5 word as grondslag vir die ontwerp van 'n samelewingsteoretiese model in Hoofstuk 3 aanvaar. In Hoofstuk 3 sal dus 'n eie teoretiese model geformuleer word waarteen die ver= dere fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak kan plaasvind.